

Faktore wat 'n invloed kan hê op die beste belang van die kind in die kriminele hof

M Barnard

 orcid.org/0000-0003-3763-8334

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister in Maatskaplike Werk* in *Forensiese Praktyk* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof CC Wessels

Studentenommer: 22867554

OPDRAG

Die navorsing word opgedra aan alle kinders wat deur seksuele misbruik geraak is.

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek my hartlike dank en waardering uitspreek teenoor:

- My Heer en Verlosser, Jesus Christus, om vir my die vermoë, intellek, en geleentheid te bied om te kon studeer. Dankie vir die krag, deursettingsvermoë en vir elke deur van voorsiening wat U oop gemaak het vir die voltooiing van my studies. U voorsien waarlik alle benodighede om sukses te behaal, vir U glorie alleen.
- My geestelike leiers, Pastoor Louis Holtzhausen en sy vrou, Lizna Holtzhausen, vir hul leiding aan die ontwikkeling van my geloof om aan te hou glo dat die Here elke goeie werk tot sy volle voltooiing sal bring.
- My voogde, Dr. Johan Erasmus en sy vrou, Susan Erasmus, vir hul deurlopende begrip, wysheid, liefde en ondersteuning deur alles wat ek aanpak.
- My supervisor, Prof Cornelia Wessels vir haar kundigheid, geduld, uithouvermoë en persoonlike impak in my lewe.
- Laastens, maar nie die minste nie, aan die liefde van my lewe, Gerdus Oosthuysen, vir sy onbaatsugtige liefde, ondersteuning en wysheid in elke area van my lewe.

Ek beskou myself werklik geseënd met elkeen van julle in my lewe!

VERKLARING

Verklaring en oorspronklikheid van die navorsing:

Ek, Marista Barnard, verklaar hiermee dat die manuskrip getitel: “**Faktore wat ’n invloed kan hê op die beste belang van die kind in die Kriminele hof**” my eie werk is.

Ek verklaar verder dat die inhoud van die studie nie vir enige ander kwalifikasie by enige ander tersiêre instelling ingedien sal word nie.

M. Barnard

30 Mei 2019

Datum

VERKLARING VAN TAALVERSORGING



■ Language Matters Pty Ltd
■ info@languagematters.co.za
■ 082 920 2991
■ www.languagematters.co.za

Datum: 9 Mei 2019

Simone Barroso
Gekwalifiseerde taalpraktisyn
Taalversorging, vertaling, transkribering, simultane tolking
(Afr<>Eng)

info@languagematters.co.za
Walter Sisulustraat 256, Potchefstroom
2531

Aan wie dit mag aangaan,

Hierdie dokument verklaar dat die onderstaande verhandeling behoorlik nagegaan is vir die toepaslike gebruik van taal, spelling, grammatika en algehele styl deur een of meer gekwalifiseerde taalversorger(s) van Language Matters.

Titel: Faktore wat 'n invloed kan hê op die beste belang van die kind in die kriminele hof

Outeur: M. Barnard

Studentenommer: 22867554

Datum uitgereik: 9 Mei 2019

Simone Barroso

Language Matters medestigter
ASPTolk (SAVI)-geakkrediteerde taalpraktisyn: lidnommer 1002862
PEG-assosiaatlid

ETIESE GOEDKEURING



Prof CC Wessels
Social Work
COMPRES

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Web: <http://www.nwu.ac.za>

**Health Sciences Ethics Office for Research,
Training and Support**

Health Research Ethics Committee (HREC)
Tel: 018-285 2291
Email: Wayne.Towers@nwu.ac.za

4 July 2018

Dear Prof Wessels

APPROVAL OF YOUR APPLICATION BY THE HEALTH RESEARCH ETHICS COMMITTEE (HREC) OF THE FACULTY OF HEALTH SCIENCES

Ethics number: NWU-00076-17-S1

Kindly use the ethics reference number provided above in all future correspondence or documents submitted to the administrative assistant of the Health Research Ethics Committee (HREC) secretariat.

Study title: The development of a Best Interest of the Child Monitoring System for the judicial system in South Africa: "The BIOC-MS study"

Study leader: Prof CC Wessels

Student: - Marista Barnard (Study 2)

Application type: Larger study

Risk level: Minimal (monitoring report required annually)

Expiry date: 30 July 2019 (monitoring reports are due at the end of July annually until completion)

You are kindly informed that after review by the HREC, Faculty of Health Sciences, North-West University, your ethics approval application has been successful and was determined to fulfil all requirements for approval. Your study is approved for a year and may commence from 14/06/2017. It, however, requires the following further conditions specific to *the progress* of the study:

- a. Please provide the HREC with copies of the permission letters and the collaborative agreements with the provincial Department of Justices to be included, before research proceeds in these specific areas.
- b. Please provide the HREC with copies of the goodwill permission letters from the relevant chief Magistrates and control prosecutors of nominated courts to be included in the research study that you can utilise their services/facilities.

As the study progresses the aforementioned conditions should be submitted to Ethics-HRECProcess@nwu.ac.za with a cover letter with a specific subject title indicating "Outstanding documents for approval: NWU-XXXXX-XX-XX." The letter should include the title of the approved study, the names of the researchers involved, that the documents are being submitted as part of the conditions of the approval set by the HREC, the nature of the document i.e. which condition is being fulfilled and any further explanation to clarify the submission.

The *e-mail*, to which you attach the documents that you send, should have a *specific subject line* indicating the nature of the submission e.g. "Outstanding documents for approval: NWU-XXXXX-XX-XX". The e-mail should indicate the nature of the document being sent. This submission will be handled via the expedited process.

Continuation of the study is dependent on receipt of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation. A monitoring report should be submitted two months prior to the reporting dates as indicated i.e. annually for minimal risk studies, six-monthly for medium risk

studies and three-monthly for high risk studies, to ensure timely renewal of the study. A final report must be provided at completion of the study or the HREC, Faculty of Health Sciences must be notified if the study is temporarily suspended or terminated. The monitoring report template is obtainable from the Faculty of Health Sciences Ethics Office for Research, Training and Support at Ethics-HRECMonitoring@nwu.ac.za. Annually, a number of studies may be randomly selected for an internal audit.

The HREC, Faculty of Health Sciences requires immediate reporting of any aspects that warrants a change of ethical approval. Any amendments, extensions or other modifications to the proposal or other associated documentation must be submitted to the HREC, Faculty of Health Sciences prior to implementing these changes. These requests should be submitted to Ethics-HRECApply@nwu.ac.za with a cover letter with a specific subject title indicating, "Amendment request: NWU-XXXXX-XX-XX". The letter should include the title of the approved study, the names of the researchers involved, the nature of the amendment/s being made (indicating what changes have been made as well as where they have been made), which documents have been attached and any further explanation to clarify the amendment request being submitted. The amendments made should be indicated in **yellow highlight** in the amended documents. The *e-mail*, to which you attach the documents that you send, should have a *specific subject line* indicating that it is an amendment request e.g. "Amendment request: NWU-XXXXX-XX-XX". This e-mail should indicate the nature of the amendment. This submission will be handled via the expedited process.

Any adverse/unexpected/unforeseen events or incidents must be reported on either an adverse event report form or incident report form to Ethics-HRECIncident-SAE@nwu.ac.za. The *e-mail*, to which you attach the documents that you send, should have a specific subject line indicating that it is a notification of a serious adverse event or incident in a specific project e.g. "SAE/Incident notification: NWU-XXXXX-XX-XX". Please note that the HREC, Faculty of Health Sciences has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process.

The HREC, Faculty of Health Sciences complies with the South African National Health Act 61 (2003), the Regulations on Research with Human Participants (2014), the Ethics in Health Research: Principles, Structures and Processes (2015), the Belmont Report and the Declaration of Helsinki (2013).

We wish you the best as you conduct your research. If you have any questions or need further assistance, please contact the Faculty of Health Sciences Ethics Office for Research, Training and Support at Ethics-HRECApply@nwu.ac.za.

Yours sincerely



Prof Wayne Towers
HREC Chairperson



Prof Minrie Greeff
Ethics Office Head

OPSOMMING

Hierdie navorsingstudie vorm deel van 'n groter ondersoek wat in twee provinsies van Suid-Afrika plaasgevind het. Hierdie navorsing is die tweede stap vir die voltooiing van 'n sambreelprojek met die oorhoofse doel om 'n geldige meetinstrument te ontwikkel wat die beginsel van die beste belang van die kind in kriminele howe in die Suid-Afrikaanse regstelsel op 'n objektiewe en relevante wyse te kan meet. Ten einde die konstrukte van so 'n meetinstrument saam te kan stel is dit egter nodig om eers 'n sistematiese oorsig van die bestaande nasionale en internasionale literatuur te doen rondom die beginsel van die beste belang van die kind en op 'n makrovlak hedendaagse faktore vas te stel wat 'n bydrae lewer tot die handhawing van die beste belang van kinders in howe. Die waarde van so 'n meetinstrument behels dat dit die Suid-Afrikaanse regstelsel sowel as die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in staat sal stel om op 'n gereelde basis hulle praktyke en beleide te hersien en om die nodige aanpassings te maak. Die meetinstrument moet die toepaslike en volledige lys van bydraende faktore weerspieël, dit moet spesifiek genoeg wees om die regstelsel se teenstrydighede te identifiseer, en dit moet 'n onderskeid kan tref tussen menslike interaktiewe, strukturele en prosesfaktore wat die beste belang van die kind kan beïnvloed. Verder moet dit ook sensitief genoeg wees om die leemtes in situasies waar die beste belang van die kind nie ten volle beskerm word nie, akkuraat te kan identifiseer. In hierdie ondersoek sal die navorser deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek na dié faktore kyk asook ander faktore wat moontlik 'n bydrae lewer tot of 'n invloed mag hê op die beginsel van die beste belang van die kind in die Suid-Afrikaanse regstelsel.

Sleuteltermes: *Faktore, invloed, beste belang, kind, kriminele hof, seksuele misbruik.*

ABSTRACT

This research study forms part of a larger investigation that has taken place in two of the provinces in South Africa. This research is the second step in completing an umbrella project with the overall aim of developing a valid measuring instrument that can measure the principle of the best interest of the child in criminal courts within the South African legal system in an objective and relevant manner. However, to put together the constructs of such a measuring instrument, a systematic review of the existing national and international literature on the principle of the best interest of the child should be done first, and then contemporary factors should be identified at the macro level. These measures will contribute to maintaining the best interest of children in courts. The value of such a measuring instrument will be in that it will enable the South African legal system and the Department of Social Development to review their practices and policies on a regular basis and to make the necessary adjustments. The measuring instrument should reflect the appropriate and complete list of contributing factors, be specific enough to identify the legal system's inconsistencies, and distinguish between human interactive, structural and process factors that can influence the best interests of the child. Furthermore, it should also be sensitive enough to accurately highlight the gaps in situations where the best interests of the child are not fully protected. In this investigation, the researcher will look at these factors through a literature study and an empirical investigation as well as other factors that may possibly contribute to or influence the principle of the best interest of the child in the South African legal system.

Key terms: *Best interest, child, criminal court, factors, influence, sexual abuse.*

VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS

Die Tydskrif vir Geesteswetenskappe word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in Afrikaans. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000 tot 8000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae, in paragraafvorm, in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands of Duits, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die Tydskrif.

Opskrifte in die Tydskrif vir Geesteswetenskappe lyk soos volg:

1. HOOFOPSKRIFTE verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks. Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep
Onderskrifte by figure lyk soos volg:

*Figuur 3: Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur. **Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.***

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as drie reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die Tydskrif vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.

- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1).
<http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

Of in Afrikaans:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*,
<http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ...(Swan 1996:45) ...

OF: ...(Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld:

Die Tydskrif hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die Tydskrif is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg:

Outeurs behou kopiereg van artikels en ander bydraes.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

INHOUDSOPGAWE

| | | |
|--------------------------------------|-------|-------------|
| OPDRAG | | I |
| DANKBETUIGINGS | | II |
| VERKLARING | | III |
| VERKLARING VAN TAALVERSORGING | | IV |
| ETIESE GOEDKEURING | | V |
| OPSOMMING | | VII |
| ABSTRACT | | VIII |
| VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS | | IX |
| LYS VAN AKRONIEME | | XV |
| AFDELING A: INLEIDING | | 1 |
| 1. PROBLEEMSTELLING | | 3 |
| 2. NAVORSINGSVRAAG | | 4 |
| 3. DOEL VAN DIE STUDIE | | 5 |
| 4. TERMINOLOGIE | | 5 |
| 4.1. Seksuele misbruik | | 5 |
| 4.2. Kriminele hof | | 6 |
| 4.3. Beste belang van die kind | | 7 |

| | | |
|-----------|--|-----------|
| 4.4. | Invloed op die kind..... | 7 |
| 5. | NAVORSINGSMETODOLOGIE..... | 8 |
| 5.1. | Navorsingsbenadering en ontwerp | 8 |
| 5.2. | Populasie..... | 9 |
| 5.3. | Dataversameling..... | 10 |
| 5.4. | Verwerking van data..... | 11 |
| 6. | ETIESE ASPEKTE..... | 12 |
| 6.1. | Waarskynlike belewenis van die deelnemers..... | 12 |
| 6.2. | Gevare, risiko's en voorsorg | 12 |
| 6.3. | Voordele vir die deelnemers | 12 |
| 6.4. | Fasiliteite | 13 |
| 6.5. | Ingeligte toestemming..... | 13 |
| 6.6. | Deelnemer: Inligting en vrywillige deelname | 13 |
| 6.7. | Kriteria vir deelnemerseleksie en werwing | 14 |
| 6.8. | Bekendstelling van die individuele en studieresultate aan deelnemers | 16 |
| 6.9. | Privaatheid / vertroulikheid..... | 16 |
| 6.10. | Stoor en bewaring van data..... | 16 |
| 6.11. | Beperkings van die studie..... | 17 |
| | BRONNELYS | 18 |
| | AFDELING B: LITERATUUROORSIG | 23 |
| 1. | INLEIDING | 23 |

| | | |
|--|--|-----------|
| 2. | FAKTORE WAT DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND BEÏNVLOED | 23 |
| 7.1. | Formaliteit van die hof | 24 |
| 7.2. | Die kruisondervraging van die kind | 24 |
| 7.3. | Die herontmoeting van die oortreder in die hof | 25 |
| 7.4. | Die strafprosedureperk | 26 |
| 7.5. | Vorbereiding vir die hof | 26 |
| 7.6. | Die verhouding tussen die ondersoekbeampte en die aanklaer | 27 |
| 7.7. | Deskundiges in kriminele howe | 27 |
| 8. | SAMEVATTING | 28 |
| BRONNELYS | | 30 |
| AFDELING C: NAVORSINGSARTIKEL | | 34 |
| ABSTRACT | | 36 |
| OPSOMMING | | 37 |
| 1. | INLEIDING | 39 |
| 2. | PROBLEEMSTELLING..... | 41 |
| 3. | NAVORSINGSMETODOLOGIE..... | 41 |
| 4. | BEVINDINGE | 42 |
| 4.1. | Tema 1: Tussengangers..... | 42 |
| 4.2. | Tema 2: Hofvorbereiding | 45 |
| 4.3. | Tema 3: Hofprosesse | 47 |
| 4.4. | Tema 4: Landdros en aanklaer | 49 |

| | | |
|------|---|-----------|
| 4.5. | Tema 5: Meer sensitiewe kruisondervraging van die kind..... | 56 |
| 4.6. | Tema 6: Terapie en nasorg van die kind..... | 57 |
| 5. | SAMEVATTING | 58 |
| 6. | AANBEVELINGS | 59 |
| | BRONNELYS | 60 |
| | AFDELING D: FINALE SAMEVATTING EN AANBEVELINGS..... | 64 |
| 1. | FINALE SAMEVATTING..... | 64 |
| 2. | AANBEVELINGS | 65 |
| 3. | BEPERKINGS VAN DIE STUDIE..... | 66 |
| 4. | LYS VAN VERWYSINGS | 67 |
| | AFDELING E: BYLAE | 73 |
| 1. | INFORMED CONSENT | 73 |
| 2. | ONDERHOUDSKEDULE | 79 |
| 3. | ETIESE GOEDKEURING | 80 |

LYS VAN AKRONIEME

| | |
|--------|--|
| BIOC | Best intrest of child |
| SA | Suid Afrika |
| SAPD | Suid Afrikaanse Polisie Dienste |
| SAPS | South Arican Police Service |
| UNICEF | United Nations International Children's Emergency Fund |

AFDELING A: INLEIDING

1. AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Dit blyk uit die literatuur dat die beste belang van die kind die doeltreffendste geëvalueer kan word op 'n gevallebasis, en dat weinige indikatore beskikbaar is vir die objektiewe evaluering en implimentering van die 'best interest of the child' (BIOC) in groter stelsels soos die strafregstelsel. Evaluering van die effektiewe toepassing van die BIOC blyk vatbaar te wees slegs deur die retrospektiewe bestudering van hofsake wat situasies illustreer waar die BIOC-beginsel toegepas is en dan te assesser of hierdie beginsel toepaslik gehandhaaf is.

Weinige bewyse kon gevind word vir die bestaan van objektiewe maatstawwe om die BIOC-toepassing in groot stelsels soos die regstelsel te assesser. Zijlstra *et al.* (2012:841) het 'n skaal ontwikkel en valideer naamlik die BIC-Q om die gehalte van die omstandighede te assesser waarin 'n kind grootgemaak word. Dié instrument het ten doel om aan advokate wat in die belang van asiel-soekende gesinne optree, bystand te bied in die voorsiening van kwantitatiewe inligting wat betrekking het op die beste moontlike toekomstige verblyfopsette tot die beste belang van die kind. In 'n plaaslike studie wat handel oor persepsies van jeugdige in die strafregstelsel, ondersoek Roestenburg en Oliphant (2012:144) 'n steekproef van 354 jeugdige oortreders in die strafregstelsel se persepsies van die regsprosesse en hulle kontak met polisie- en regsbeamptes by staatsassesseringsentrums. Deur van 'n selfontwikkelde jeugpersepsieskaal gebruik te maak wat gedeeltelik in die studie gevalideer is, het hulle onder andere bevind dat jeugdige wat 'n duidelike begrip van die hofprosesse gehad het nadat dit aan hulle verduidelik is beter presteer het in die herleidingsprogramme as diegene wat geen begrip van die hofprosesse en hoe dit by die bywoning van herleidingsprogramme inskakel, gehad het nie. Verder is daar bevind dat kinders wat hulle probleme met hofbeamptes kon bespreek, beduidend meer optimisties was teenoor die hofprosesse en het vervolgens beter presteer in die herleidingsprogramme. Laasgenoemde studie het indirek bygedra tot ons begrip van hoe *kindgesentreerde hofpraktyke* 'n bydrae kan lewer tot die handhawing van die BIOC-beginsel. Die dialoog rondom kindgesentreerde maatskaplikewerkpraktyk is egter nog lank nie verby nie. Horwath en Tarr (2014) toon dat kinderbeskermingspraktyke in die VK steeds nie op die kind geskoei is nie – in 'n kwalitatiewe studie wat 21 jeugdige onder beskermingsdienste betrek, is die volgende temas geïdentifiseer as aanduidings van 'n gebrek aan kindgesentreerdheid: Assesserings is veralgemeen en het nie die kind se identiteit en sienings in aanmerking geneem nie omdat dit gefokus het op die behoeftes van die ouers eerder as die van die kind. Evaluering deur maatskaplike werkers is nie sensitief vir die betekenis wat die kind heg aan die tersaaklike kwessies nie. Kinders het dikwels nie die gevallekonferensies bygewoon nie terwyl volwasse

beroepslui namens hulle besluite geneem het eerder as om die kinders se siening te betrek. Soortgelyke en andersoortige kwessies aangaande kindergetuies en kindgesentreerdheid in die hofomgewing is deur Townsend *et al.* (2014) geïdentifiseer, ondermeer verskeie aangeleenthede met betrekking tot die invloed van die hofomgewing en die prosederingsproses van 'n kind se rol as getuie en deelnemer in hofsake wat kinders betrek. Gevolglik kan daar afgelei word dat subjektiewe waarnemingstudies soos die bogenoemde voorbeeld uitdagings by meting kan uitlig in verband met die BIOC-beginsel en sy toepassing in die regs konteks.

Geen bewyse kon egter gevind word van bestaande instrumente wat spesifiek ontwikkel en gebruik is om *kindgesentreerdheid* of *kinddeelname* eerstens in groter stelsels soos die regstelsel, en tweedens met betrekking tot die doeltreffendheid van die toepassing van die BIOC-toepassing in daardie kontekste te evalueer nie. Op gronde van hierdie gebrek aan inligting en in reaksie tot 'n waargenome gebrek aan beskikbare metodologieë vir die evaluering van die regsomgewing met betrekking tot sy vermoë om BIOC toe te pas, het die navorsers 'n navorsingsprojek gekonseptualiseer in 'n poging om hierdie leemte aan te spreek.

Hierdie navorsing sal die navorsers in staat stel om 'n "globale" meetinstrument te ontwikkel en bekend te stel wat die ontwikkeling van 'n omvattende inligtingstelsel moontlik sal maak vir die evaluering van die mate waartoe die BIOC-beginsel toegepas is in die Suid-Afrikaanse howe en regstelsel, en om die vordering hiervan te meet vir opvolgstudies. Die hoofrasionaal van die projek is om 'n bydrae te lewer tot die kennisgenerering deurdat 'n skaal ontwikkel en gevalideer sal word wat die kind se deelname aan die een kant, en kindgesentreerdheid as verteenwoordigende konsepte van die beste belang van die kind in die kriminele howe aan die ander kant, sal meet.

Hierdie nuut ontwikkelde skaal sal gebruik word om verskeie faktore te assesser wat betrekking het op die praktiese implementering van die beginsel van die beste belang van die kind soos uiteengesit in die aktiwiteite van verskillende rolspelers, veral met inbegrip van die prosesse in die strafhof. Dit sal feitlik grootskaalse dataversameling moontlik maak wat sal kan dien as riglyn vir die multidissiplinêre span om die sorg en voldoende beskerming van die beste belang van die kind in die strafregstelsel te bevorder. Gevolglik sal dit die aaneenlopende evaluering en verbetering van die dienste aan die kinderslagoffer in die strafhof verseker. Hierdie indirekte waardetoevoeging met betrekking tot die beste belang van die kind se eindresultaat sal die kontrolering van die strafregtelike dienste aan kinderslagoffers moontlik maak.

Op gronde van die bogenoemde analise is verskeie navorsingsvrae geformuleer om die navorsingsdoelwitte van hierdie projek te ondervang. Navorsers moet egter eers 'n deeglike begrip van die metingskonteks in die geval van die strafregtelike stelsel asook die verskeie kontekste en faktore wat 'n rol speel, verkry namate 'n metingskaal ter evaluering van die

kindgesentreerde dienste in die hof ontwikkel en uiteindelik getoets kan word. Daarom is die logiese gevolgtrekking dat die navorsers verkillende skaalontwikkelingsmetodes in die oorhoofse projek sal aanwend om die doelwitte vir die ontwikkeling van 'n gepaste skaal vir die direkte meting van die regs konteks te bereik.

Hierdie navorsingstudie vorm deel van 'n groter sameelprojek wat in ses dele opgedeel is. Die doel van die projek is om 'n geldige meetinstrument te ontwikkel wat die beginsel van die beste belang van die kind in kriminele howe binne die Suid-Afrikaanse regstelsel op 'n objektiewe en relevante wyse te kan meet. Die projek sal "Die BIOC-MS studie" genoem word. Hierdie studie is gedeelte twee van die groter projek. Die doel van hierdie studie is om die faktore te identifiseer wat 'n rol speel in die BIOC- beginsel in die kriminele hof. Om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met verskeie funksionariese wat binne die regstelsel werksaam is daardie proses- en bedryfs- of gedragfaktore wat kontekstueel bydra tot die BIOC-toepassing in die regstelsel, te identifiseer.

1. PROBLEEMSTELLING

Spies (2009:15) is van mening dat seksuele misbruik reg deur die geskiedenis van die mensdom as 'n wêreldwye struikelblok herken word. Die Nasionale Sentrum vir Kriminele Slagoffers (NCVC, 2012) meld volgens reeds bestaande navorsing, dat een uit vyf dogters en een uit 20 seuns slagoffers van seksuele misbruik van kinders word. Uit laasgenoemde is dit duidelik dat seksuele misbruik van kinders as 'n internasionale probleem aanskou word. Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) se misdaadstatistiekverslag van 2011-2012 dui seksuele misbruik van kinders steeds as die oorheersende misdaad teen kinders aan. Prinsloo (2008:49) het in sy navorsing bevind dat daar tot en met 2001 nie na kinders se regte binne Suid-Afrikaanse howe omgesien is nie, ongeag van die wysigings wat in die Strafproseswet (51 van 1977) gemaak is. Navorsers (Schiller & Spies, 2006:37) is van mening dat aanklaers nie altyd deeglik bewus is van die dinamiek van seksuele misbruik nie en daarom nie die trauma wat die kind in die oë moet staar altyd in ag neem nie. Verder is Cross *et al.* (2005:7-14) asook Conradie (2002:3) van mening dat baie professionele beroepslui wat sake van misbruik ondersoek, nie oor die nodige kennis, opleiding en vaardighede rakende kinderontwikkeling, misbruik van die kind, die kind se geheue en funksionering, of onderhoudvoering met kinders beskik nie. As gevolg hiervan beskerm hulle die kind nie

voldoende teen enige verdere viktimisering nie (Schiller & Spies, 2006:37). Die navorser is van mening dat die aanklaers en prokureurs se onkunde rakende seksuele misbruik van kinders bydra tot die skending van die kind se regte in die kriminele hof en dat daar nie tot die beste belang van die kind opgetree word nie. Volgens die navorser is dit die hof se verantwoordelikheid om te voorsien dat die beste belang van die kind beskerm word, en daarom moet slegs prokureurs, staatsaanklaers en landdroste wat opgelei is in die dinamiek van seksuele misbruik van kinders toegelaat word om so 'n sensitiewe saak te hanteer. Cilliers (2011:17) bevestig laasgenoemde in haar ondersoek waar sy bevind het dat 'n onvoldoende kennisbasis van beide die staatsaanklaer en die landdros ten opsigte van die dinamika van seksuele misbruik en die effek wat dit op die kind het, ook 'n invloed het op die verloop van so 'n kriminele saak. Richter *et al.* (2004:294) bevestig hierdie siening: "Given the scale of sexual offences against children in South Africa, skills in prosecuting such cases need urgently to be extended to every court in the country." Daarom is hierdie studie nodig om ook te monitor of daar ten alle tye in die beste belang van die kind opgetree word in die kriminele howe.

Die Children's Act (38 of 2005) sit duidelik uiteen dat die kind geen skade aangerig mag word in enige fisiese, emosionele of morele opsigte nie. Uit die literatuur (Davis & Saffy, 2004; Faller, 2007; Meintjies & Collings, 2009; Prinsloo, 2008; Prinsloo, 2012) blyk dit dat die beste belang in die geval van die kind wat seksueel misbruik is, moontlik nie as prioriteit geag word nie of nie ten volle deurgevoer word in die strafregstelsel binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Verskeie faktore kan moontlik hiervoor verantwoordelik wees, soos die formaliteite van die hof, die kruisondervraging van die kind, die herontmoeting van die oortreder in die hof en die tydsduur van die strafregtelike proses. Die probleem is egter dat die lys van moontlike faktore vanuit die literatuur nie volledig is nie, bloot omdat dit nie op empiriese wyse toegelig en kontekstueel aangevul is nie. Hierdie gaping behoort deur navorsing oorbrug te word ten einde toepaslike indikatore vir die toepassing van die beginsel van die beste belang te bekom.

2. NAVORSINGSVRAAG

Watter faktore dra daartoe by dat die beste belang van die kind in die kriminele howe nie konsekwent toegepas word nie?

3. DOEL VAN DIE STUDIE

Om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met verskeie funksionariesse wat binne die regstelsel werkzaam is daardie faktore wat kontekstueel bydra tot die BIOC-toepassing in die regstelsel, te identifiseer.

4. TERMINOLOGIE

4.1. Seksuele misbruik

Seksuele misbruik van 'n kind word baie breed omskryf. Volgens die Seksuele Oortredingswet (32 van 2007) word seksuele misbruik gedefinieer as enige persoon wat wederregtelik en opsetlik op 'n seksuele wyse betrokke raak by 'n minderjarige (enige kind onder die ouderdom van 18 jaar), met of sonder die kind se toestemming, en is dus skuldig aan 'n seksuele oortreding. Verder word seksuele misbruik omskryf as enige handeling wat die liggaamlike integriteit of menswaardigheid van die klaer aantast, verneder of blootstel en wat seksueel van aard is (Lawrence & Janse van Rensburg, 2006:128). 'n Psigososiale definisie van seksuele misbruik is wanneer 'n beter ingeligte persoon van dieselfde ouderdom, of wat ouer is, en vanuit 'n magposisie met 'n meer kwesbare persoon enige seksuele verhouding aanknoop met of sonder die persoon se toestemming. Dit sluit in enige aanraking van 'n kind se liggaam deur 'n volwassene met enige motivering om seksuele behoeftes op te wek en te stimuleer (Newton, 2001:1).

Die navorser stem met die bogenoemde definisie van seksuele misbruik saam, asook met hoe dit omskryf is in die Wet op Seksuele Oortredings (32 van 2007), en is verder van mening dat seksuele penetrasie deel vorm van die omskrywing van seksuele misbruik. Volgens die Wet op Seksuele Oortredings (32 van 2007) word seksuele penetrasie omskryf as enige handeling waar daar enige vorm van penetrasie deur enige geslagsorgaan, liggaamsdeel of voorwerp deur een persoon, binne of buite die geslagsorgaan, op 'n anale of orale wyse plaasvind, met of sonder die toestemming van 'n kind.

Volgens Faller (2009:8) word seksuele misbruik van kinders gedefinieer as 'n forensiese kwessie, omrede dit beide 'n misdad en 'n bedreiging tot 'n kind se veiligheid is. Indien enige seksuele oortredinge by enige van die owerhede aangemeld word, sal die saak verwys word na die SAPD. Laasgenoemde sal dan besluit of 'n forensiese ondersoek deur 'n forensiese maatskaplike werker uitgevoer moet word. Indien die forensiese

maatskaplike werker vermoed dat die kind wel seksueel misbruik is, sal 'n forensiese ondersoekverslag geskryf word. Die ouers van die kind beskik oor die besluit of hulle die saak wil vervolg al dan nie. Indien die ouers of versorgers teen die vervolging van die misdaad besluit kan die kind onmiddellike berading ontvang. In die geval waar die saak verder vervolg word, sal die forensiese maatskaplike werker die saak by die aanklaer voorlê. Nadat alle bevindinge oorweeg is en daar genoeg bewyse van die seksuele oortreding gevind is, sal die saak in die strafhof voortgesit word.

4.2. Kriminele hof

Volgens Snyman (2008:3) voorsien die **kriminele hof** die materiële regsreëls, pligte en prosedures van 'n spesifieke onderwerp of van die staat in gevalle waar sogenaamde misdadigers voor die hof gebring om verhoor te word weens hul beweerde oortredings. Volgens die Law Online Dictionary behels die kriminele hof: “those statutes dealing with crimes against the public and members of the public, with penalties and all the procedures connected with charging, trying, sentencing and imprisoning defendants convicted of crimes”.

Die hof se formaliteite en uiteensetting kan vir die kind wat as getuie moet optree 'n baie intimiderende en traumatiese omgewing kweek tydens die verhoor van 'n saak van seksuele misbruik. Suid-Afrikaanse Regskommissie (1989:3) het toegestaan dat 'n aparte kamer vir die kind beskikbaar gestel moet word met die doel om die kind as getuie se traumatiese ervaring te beperk. Die Wysigingswet op die Strafwet (135 van 1991) is ingestel op, die kind se negatiewe ervaring in die hof, en het gevolglik Artikel 170A in die Strafwetproses van 1977 bygebring. Hierdie afdeling maak voorsiening vir tussengangers wat gebruik kan word tydens 'n verhoor om die kind se getuie-indiens indirek aan die hof te lewer, om sodoende enige stres of ongemak van die kind te verminder. Volgens Artikel 10(28)(1)(2)(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996:14) is hoër veronderstel om die volgende regte van 'n kind in ag te neem en toe te pas:

- 1) Alle kinders het die reg tot 'n naam, gesondheid, sekuriteit, opvoeding en gelyke behandeling.
- 2) Die staat sal, tot die maksimum van sy beskikbare hulpbronne, poog om die volle verwesenliking van hierdie regte te bereik.
- 3) Geen kind sal aan diskriminasie lei of van enige voorregte geniet op die grond van ras, geslag, taal, geloof, legitimiteit of van die status van die kind se voogde nie.
- 4) In alle verrigtinge van die kind, sal die primêre oorweging wees om die beste belang van die kind in ag te neem.
- 5) Alle kinders

is geregtig om beskerm te word teen ekonomiese uitbuiting en sal nie aan enige werksverrigting deelneem wat enige skade aan die kind se opvoeding, gesondheid of morele welstand aanrig nie. 6.) Dit is onwettig om die kind te dwing om enige dienste te verrig aan die werkgewers van die voogde van die kind. Hierdie regte is van uiterste belang, veral in gevalle waar die kind as getuie in die hof moet optree. Daar mag dus geen skade aan die kind verrig word ongeag die omstandighede of wetlike prosedures in die hof nie. Dit is belangrik dat die beste belange van die kind in enige situasie heel eerste gestel moet word en die hof moet daaraan gehoor gee. Dit is die hof se verantwoordelikheid om te verseker dat geregtigheid rakende die kind se beste belang sal seëvier.

4.3. Beste belang van die kind

Hoofstuk 2 van die Children's Act (38 van 2005) fokus op die **beste belang** van die kind. Wanneer die beste belang in hierdie verband ondersoek word, is daar spesifieke faktore wat in ag geneem moet word. Hierdie faktore behels die houdings van die kind se voogde en ouerskap, die vermoë van die versorgers om aan 'n kind se fisiese, emosionele en intellektuele behoeftes te voorsien, die moontlike uitwerking op die kind se verandering in sy of haar omstandighede, met inbegrip van die invloed wat die moontlike skeiding van een of albei versorgers of ander familielede op die kind sal hê, die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak, geslag, agtergrond, kulturele konteks en enige ander unieke kenmerke, die kind se fisiese en emosionele veiligheid, die kind se behoeftes om in 'n standvastige en liefdevolle omgewing groot te word, en die beskerming van die kind teen fisiese of emosionele skade wat onder andere enige vorm van uitbuiting en blootstelling. Daar word duidelik uiteengesit in die Children's Act (38 of 2005) dat die kind geen skade aangerig mag word in enige fisiese, emosionele of morele opsig nie. Dit beteken dat die hof die beste belang van die kind ten alle tye in ag moet neem sodat die kind kan terug na sy of haar volle funksionering voor of na die kind aan die strafregstelsel blootgestel is.

4.4. Invloed op die kind

Volgens die literatuur is daar verskeie aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n kind betrokke raak in die strafregstelsel, soos die kind se kognitiewe en emosionele ontwikkelingsvlak. Dit word as baie algemeen beskou dat in gevalle van seksuele misbruik van kinders, die kind dikwels die enigste bron van inligting is oor wat met hom of haar gebeur het tydens die insident. Dus is dit noodsaaklik om te verstaan hoe kinders stresvolle gebeurtenisse onthou waar hulle die slagoffers is van die misdaad wat gepleeg is (Lamb *et al.*, 2009:19). As gevolg van uiteenlopende ontwikkelingsfases kan die kind moontlik 'n gebrek aan begrip van die komplekse wetlike

prosedures toon wat veral na vore kom tydens 'n formele gestruktureerde kruisondervraging (Davis & Saffy, 2004:18). Volgens Reich (1986) soos aangehaal deur Lamb *et al.* (2009:20), word die duidelikheid en volledigheidshalwe van die kind se getuie nis beïnvloed deur die ontwikkelingsvlak van hulle kommunikasievaardighede, en dat die ondersoekbeamptes die kinders dikwels misverstaan. Verder is daar bevind dat die ondersoekprosedures van die polisie onsensitief is teenoor die emosionele of geestestoestand waarin die kind was tydens die aanmelding van die insident as gevolg van die polisie se onkunde van die kind se kognitiewe ontwikkeling (Suid-Afrikaanse Menseregte Regskommissie, 2002:57). Volgens Nagia-Luddy en Waterhouse (2009:36) moet 'n kind verskeie emosionele faktore kan hanteer om in staat te wees om as getuie in die hof te kan optree. Navorsing toon dat vrees en angstigheid die algemeenste emosies is wat deur kinders in 'n verhoor ervaar word om verskeie redes (Nagia-Luddy & Waterhouse, 2009:36).

Davis en Saffy (2004:18) is van mening dat wanneer seksuele misbruik plaasgevind het, beide die kort- en langtermyngevolge van die slagoffer in ag geneem moet word. Hierdie korttermyngevolge word deur Scott (2001:102) omskryf as aanvanklike gevoelens van angstigheid, vrees, afgeslotenheid, woede, verraad en 'n oorweldigende gevoel van hopeloosheid wat kan bydra tot die langtermyngevolge van depressie en totale sosiale onttrekking. Lewis (1999:8) staaf dat seksuele misbruik nie net die verlies van 'n kind se kinderjare tot gevolg net nie, maar dat dit ook bydra tot erge simptome van 'n komplekse posttraumatiese wanorde. Die simptome van 'n komplekse posttraumatiese wanorde het tot gevolg langtermyn psigososiale afwykings. Volgens navorsing is dit vir kinders net so ontstellend as vir volwassenes om oor hulle traumatiese gebeurtenisse te praat. Daar is bevind dat kinders hierdie ervarings moontlik kan herleef wanneer hulle daarvoor praat en dat die kind soms viktimisering van vooraf kan beleef (Davis & Saffy, 2004:18). Orth (2002:313) asook Schiller en Spies (2006:36) meld dat strafregtelike verrigtinge dikwels aanleiding gee tot die moontlike sielkundige skade van slagoffers van misdaad en aanleiding gee tot sekondêre viktimisering.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.1. Navorsingsbenadering en ontwerp

Die empiriese ondersoek is deur middel van 'n kwalitatiewe verkennende beskrywende benadering deur semi-gestruktureerde onderhoude uitgevoer. Kwalitatiewe navorsing is op sig self 'n ondersoekstrategie en is buigbaar ten opsigte van verskeie onderwerpe (Denzin & Lincoln, 2011:3). Kwalitatiewe navorsing fokus op die in-diepte studie van enkele proefpersone met die doel om vertrouwe te skep, sowel as om die proefpersone se kennis en praktyke te bestudeer (Flick, 2009:16; Strydom, 2014:11). Volgens Taylor en Bogdan (1998:7) empatiseer en

identifiseer kwalitatiewe navorsers met die persone waarop die studie fokus. Die doel is om hierdie individue se ervarings van verskeie aspekte daarvan te verstaan. Die doel vir die gebruik van 'n kwalitatiewe benadering is om die beste belang van die kind in kriminele howe binne 'n breër konteks te bestudeer om sodoende meer data rondom die faktore wat dié beginsel mag beïnvloed te versamel vanuit verskeie perspektiewe. Die navorser is van mening dat die kwalitatiewe benadering die beste metode is om data te versamel omdat dit buigbaar is en dit die navorser toelaat om die onderwerp te bestudeer vanuit verskeie perspektiewe, wat voordelig is vir die doeleindes van hierdie navorsing.

Hierdie navorsingsontwerp fokus op toegepaste navorsing en is verkennend en beskrywend van aard vanuit 'n kwalitatiewe fokuspunt. Volgens Strydom (2014:9) fokus toegepaste navorsing op die verkenning van bestaande feite ten einde nuwe kennis te bekom, sodat probleemoplossing bevorder kan word en meer doeltreffende dienste aan mense in nood gelewer kan word. Volgens Mouton (2001:54) bevat 'n verkennende studie informele vrae en word gebruik om nuwe inligting uit te lig of te bekom aangaande 'n reeds bestaande onderwerp. 'n Beskrywende studie sit die konteks van 'n spesifieke situasie uiteen (Fouché & De Vos, 2011:96). Die navorser is van mening dat hierdie benadering relevant is vir die toepassing van hierdie studie omdat alle faktore rakende die beste belang van die kind in die kriminele howe bestudeer en verstaan moet word ten einde alle faktore wat bydra tot die skending van die beste belang van die kind in kriminele howe te kan identifiseer.

Volgens Rubin en Babbie (2011:143) is 'n literatuuroorsig een van die belangrikste stappe in die formulering van die probleemstelling sowel as die studie se ontwerp. Die gebruik van 'n literatuuroorsig was voordelig vir die doeleindes van hierdie navorsing, omrede dit die navorser gehelp het om die navorsing in konteks te plaas met reeds bestaande kennis en navorsing oor die spesifieke onderwerp wat ondersoek word (Denscombe, 2010:29). Tydens die literatuurstudie is beide Internasionale en Suid-Afrikaanse bronne bestudeer, om 'n oorsig te kry van die erns waarmee die beste belang van die kind in kriminele strafhowe gehandel word, asook om die gapings in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel uit te lig. Inligting rakende die onderwerp is versamel vanuit gepubliseerde wetenskaplike joernale, wetenskaplike boeke, navorsingsprojekte, relevante wetgewing en Internetbronne.

5.2. Populasie

Ten einde die beginsel van beste belang van die kind vanuit 'n kwalitatiewe benadering te bestudeer is verskeie rolspelers soos staatsaanklaers, forensiese maatskaplike werkers en prokureurs se agtergrond, kennis en vaardighede rakende die beste belang van die kind ondersoek. In die strafhowe is die bogenoemde rolspelers gewoonlik in direkte kontak met die

beste belang van die kind hetsy as getuie of beskuldigde. Die rolspelers se kennis en ondervinding lewer 'n groot bydrae tot die identifisering van faktore wat 'n invloed mag hê op die beginsel van beste belang van die kind.

Gedurende die kwalitatiewe navorsing is daar van 'n doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Denzin en Lincoln (2000:370) en Endacott (2007:237) is van mening dat 'n doelgerigte steekproefneming die navorsers toelaat om slegs die nodige individue of groepe te kies met spesifieke kerneienskappe en ondervinding wat sal bydra tot die prosesse waarop die spesifieke navorsing gefokus word. Volgens Strydom en Delport (2011:392) is 'n doelgerigte steekproefneming gebaseer op die navorsers se oordeel en is saamgestel uit die mees verteenwoordigende of tipiese kenmerke van die populasie.

Die deelnemers is uit die Noordwes-Provinsie en Gauteng gekies. Hierdie provinsies is gekies omdat daar op landelike en stedelike provinsies gefokus is. Toestemming is verkry van NPA (Addendum 1) om die onderskeie howe in die provinsies te nader. Twee staatsaanklaers, twee prokureurs, twee forensiese maatskaplike werkers gekies.

5.3. Dataversameling

In hierdie ondersoek het dataversameling op 'n kwalitatiewe wyse plaasgevind. Volgens Schurink et al. (2011:397) word daar van onderhoudvoering en analisering van dokumente gebruik gemaak om data tydens 'n kwalitatiewe studie in te samel. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar van semi-gestruktureerde onderhoudvoering en literatuur gebruik gemaak. Volgens Rubin en Babbie (2011:143) is die formulering van die probleemstelling en studieontwerp een van die belangrikste stappe by die gebruik van literatuur. Die literatuurstudie is vir die doeleindes van hierdie navorsing voordelig gewees nie net omdat dit die navorsers gehelp het om die navorsing binne konteks te plaas nie maar ook omdat dit gehelp het by die formulering van die vrae. Verder lê die waarde van die literatuurstudie volgens Creswell (2003:29) ook daarin dat die resultate van die betrokke studie vergelyk kan word met reeds bestaande literatuur.

Onderhoudvoering is 'n metode wat oorwegend vir dataversameling gebruik word. Hierdie studie het op 'n semi-gestruktureerde onderhoudvoeringsmetode gefokus aangesien daar bestaande literatuur was wat die onderhoudprosesse kon lei, en daarom is die onderwerp beskrywend van aard. Oor die algemeen gebruik navorsers semi-gestruktureerde onderhoude ten einde 'n volledige begrip van die deelnemer se oortuigings en perspektiewe van 'n spesifieke onderwerp te verkry (Greeff, 2011:351). 'n Onderhoud kan beskryf word as die ontwerp van sosiale interaksies wat die navorsers in staat stel deur direkte interaksie met individue, inligting te versamel. Dit is nie ongewoon om onderhoude met individue te voer met diverse perspektiewe

oor 'n spesifieke probleem nie. Daarom moet die navorser inklusief en omvattend wees wanneer individue vir onderhoude gekies word sodat 'n verskeidenheid van perspektiewe verkry kan word (Greeff, 2011:342).

Na die bestudering van die literatuur is drie spesifieke vrae geformuleer (Addendum 2) In hierdie studie is daar van 'n selfopgestelde skedule wat kwalitatief van aard is, gebruik gemaak. Kwalitatiewe inligting is gedurende die onderhoude ingesamel deur veldnotas te neem en die onderhoude digitaal op te neem wat later ook getranskribeer is. Die digitale opnames is op 'n geheuestokkie gestoor wat vir vyf jaar in 'n staalkabinet in die sekretaresse van die vakgroep Maatskaplike Werk by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, bewaar word. Ná vyf jaar sal die data vernietig word deur die data op die geheuestokkie uit te wis. Die voordeel en doel van die digitale opnames is dat dit die onderhoudvoerder in staat gestel het om ten volle aandag op die onderhoude te plaas en die veldnotas slegs te neem waar dit die noodsaaklikste was.

5.4. Verwerking van data

Volgens Creswell (2013:180) behels dataontleding in kwalitatiewe navorsing die voorbereiding en organisering van die dataontledingsproses. Daarna word die data vereenvoudig deur dit in temas te rangskik by wyse van 'n koderingsproses ten einde die data deur figure, tabelle en besprekings te voor te stel. Die selfopgestelde vrae en transkripsies van die digitale opnames van die semi-gestruktureerde onderhoude is per hand deur die navorser geanaliseer. Die selfopgestelde vrae is vooraf getoets deur die vrae aan deskundiges wat werk in die kriminele veld en wat nie aan die studie deelgeneem het nie, voor te lê. Op so 'n wyse kon die akkuraatheid en geldigheid van die vrae geëvalueer word. Die data is soos volg verwerk:

- 1) Organisering van data;
- 2) Lees en notering van data;
- 3) Kodering, beskrywing, klassifisering, en interpretering van data volgens temas;
- 4) Interpretering van data;
- 5) Verteenwoordiging en voorstelling van data.

6. ETIESE ASPEKTE

6.1. Waarskynlike belewenis van die deelnemers

Elke deelnemer het een semi-gestruktureerde onderhoud bygewoon met die doel om hulle eie perspektiewe, kennis, vaardighede en ervaringe rakende die beste belang van die kind in die kriminele hof met die navorser te deel. Elke onderhoud het tussen 'n halfuur en 'n uur geduur. 'n Spesiale tyd is met elke deelnemer geskeduleer wat hulle die beste gepas het om sodoende enige negatiewe invloede op die onderhoud uit te skakel. Sommige onderhoude is na ure by 'n NG Kerkkantoor gevoer, ander onderhoude is in die kantoor van die prokureur wat 'n deelnemer was gevoer en onderhoude met die Staatsaanklaers is gevoer in 'n vooraf bespreekte kantoor wat die privaatheid van die deelnemer beskerm het. Aangesien die onderhoude oor die deelnemers se professionele rolle gehandel het, het die gesprekke by nature oor niks buite die persone se normale daaglikse werksaamhede gehandel nie. Slegs vrae op die selfopgestelde skedule is aan die deelnemers gevra.

6.2. Gevare, risiko's en voorsorg

Die risiko's van hierdie navorsing was laag omdat dit grotendeels oor die deelnemer se perspektiewe, kennis, vaardighede en ervaringe rakende die beste belang van die kind in die kriminele hof gehandel het. Gevolglik het die vrae oor hulle indruk van ander en nie oor hulself gehandel nie. Een moontlike risiko van die navorsing lê daarin dat die vaardighede van diegene wat die semi-gestruktureerde onderhoude voer moontlik beperk of onvoldoende kon wees. Om hierdie rede is daar slegs van persone gebruik gemaak wat reeds opgelei is om semi-gestruktureerde onderhoude te voer. Dié persone het hulleself ook deeglik voorberei vir alle onbeplande gebeurtenisse en prosesse wat gevolg moes word om alle data vanaf die bandopnames oor te dra.

6.3. Voordele vir die deelnemers

6.3.1. Direkte voordele

Daar was geen direkte voordele vir die deelnemers in die ondersoek nie, maar volgens Boeije (2010:51) erken baie deelnemers dat hulle beter voel nadat hulle aan kwalitatiewe navorsing deelgeneem het. Die rede hiervoor mag wees omdat hulle dit terapeuties en nuttig vind om oor hulle ervaringe te praat en aan hulle gevoelens uiting te gee. Verder verduidelik Boeije (2010:51) dat wanneer deelnemers aan 'n kwalitatiewe studie deelgeneem het, hul van mening is dat hulle

opinies, gedagtes, en gevoelens van waarde is. Gevoelens van selfwaarde en motivering kon deur die navorsing dus by die deelnemers gekweek word.

6.3.2. Indirekte voordele

Alhoewel daar geen indirekte voordele vir die deelnemers was nie kan die deelnemers se betrokkenheid aan die studie aanleiding gee tot positiewe veranderinge wat betrekking het op die beste belang van die kind in die kriminele howe van Suid-Afrika. Hierdie navorsing het ten doel om die beste belang van die kind in die kriminele hof te bevorder.

6.4. Fasiliteite

Die semi-gestruktureerde onderhoude het in Noordwes provinsie en Gauteng plaasgevind. 'n Gepaste tyd is met elke deelnemer geskeduleer om sodoende enige negatiewe uitwerkings op die onderhoud uit te skakel; die onderhoude is na ure gevoer in 'n NG Kerkkantoor, prokureurs kantoor en in 'n toegewysde kantoor in die hof gebou in die gepaste dorp.

6.5. Ingeligte toestemming

Volgens Boeije (2010:45) vereis ingeligte toestemming dat die aard, doel en gebruik van die data en dataversameling volledig uiteengesit word vir diegene wat aan die navorsing deelneem in 'n taal wat hulle kan verstaan. Endacott (2007:167) voer aan dat ingeligte toestemming veronderstel is om deelnemers in 'n posisie te plaas waar hulle kan besluit om aan die navorsing deel te neem nadat 'n volledige uiteensetting van die risiko's en voordele van die navorsing aan hulle gekommunikeer is. Strydom (2011:117) meen ook dat ingeligte toestemming van deelnemers skriftelik verkry moet word ten einde aan etiese vereistes tydens die navorsing te voldoen – al die bogenoemde is tydens die navorsing toegepas. Alle inligting wat die navorsing betref is 30 dae voor die onderhoude plaasgevind het, per e-pos aan die deelnemers voorsien insluitende die prosedures, tydsduur, verwagtinge, risiko's, en voor-en nadele. Die doel van die studie is aan die verskillende deelnemers per e-pos verduidelik. Daarna is 'n tydperk van sewe dae aan die deelnemers gegun om te besluit of hulle aan die studie wou deelneem of nie. Elke deelnemer wat besluit het om deel te vorm van die studie, het 'n toestemmingsbrief ontvang (Adendum 1). Dié proses sal in afdeling B omvattend bespreek word.

6.6. Deelnemer: Inligting en vrywillige deelname

Volgens Rubin en Babbie (2005:71) moet deelname ten alle tye vrywillig wees en niemand mag gedwing word om aan die navorsing deel te neem nie. Volgens Endacott (2007:167) moet dit aan alle deelnemers duidelik gestel word dat hulle die reg het om enige tyd van die navorsing te kan

onttrek. Niemand is tydens hierdie navorsing gedwing om aan die navorsing deel te neem nie, en alle deelname was vrywillig gewees. Elke deelnemer is persoonlik deur 'n mediator gekontak. Die navorser het alle inligting rakende die doel, prosedures, tydsduur, verwagtinge, risiko's, voor- en nadele van die navorsing aan die deelnemers per e-pos gestuur.

6.7. Kriteria vir deelnemeraseleksie en werwing

Tydens hierdie navorsing is daar slegs van professionele beroepslui wat oor eerstehandse ervaring beskik rondom die beste belang van die kind in die kriminele hof, ongeag van ras of geslag, gebruik gemaak. Hierdie professionele beroepslui het bestaan uit staatsaanklaers, forensiese maatskaplike werkers, en prokureurs. Die verskeie deelnemers was in die Noordwes provinsie en Gauteng, deur die navorser geïdentifiseer. Telefoniese oproepe en e-posse is gebruik om 'n kort oorsig van die navorsing te voorsien. Daarna is semi-gestruktureerde onderhoude geskeduleer in 'n NG Kerkkantoor van die toepaslike dorp, of die kantoor van die prokureur of 'n toegewysde kantoor in die hof. Alle relevante inligting aangaande die navorsing is 30 dae vooraf aan die deelnemers per e-pos gestuur. Toestemmingsbriewe is sewe dae voor die onderhoude deur die vrywillige deelnemers onderteken.

6.7.1. Insluitingskriteria

Tydens hierdie navorsing is daar slegs gebruik gemaak van die geselekteerde professionele persone:

Staatsaanklaers

- Eerstehandse ervaring het oor die beste belang van die seksuele misbruikte kind in die kriminele hof, ongeag ras of geslag;
- 'n Minimum van twee jaar se ervaring het in die veld van die beste belang van die kind in kriminele howe;
- Kennis gedra het van die hofprosedures;
- Bereid was om vrywillig deel te neem aan die navorsing deur ingeligte toestemming;
- Bereid was om die semi- gestruktureerde onderhoude by te woon;
- Toestemming gegee het om digitaal opgeneem te word tydens die onderhoudvoering;
- Bereid was om openlik te kommunikeer en hul eie menings en perspektiewe rakende die onderwerp met die navorser te deel.

Prokureurs:

- Eerstehandse ervaring het oor die beste belang van die seksuele misbruikte kind in die kriminele hof, ongeag ras of geslag;
- 'n Minimum van twee jaar se ervaring het in die veld van die beste belang van die kind in kriminele howe;
- Kennis dra van die hofprosedures;
- Bereid was om vrywillig deel te neem aan die navorsing deur ingeligte toestemming;
- Bereid was om die semi- gestruktureerde onderhoude by te woon;
- Toestemming gegee het om digitaal opgeneem te word tydens die onderhoudvoering;
- Bereid was om openlik te kommunikeer en hul eie menings en perspektiewe rakende die onderwerp met die navorser te deel.

Forensiese Maatskaplike Werkers:

- Slegs maatskaplike werkers wat 'n vier jaar graad in Maatskaplike Werk het en as forensiese maatskaplike werker werk;
- Eerstehandse ervaring het oor die beste belang van die seksuele misbruikte kind in die kriminele hof, ongeag ras of geslag;
- 'n Minimum van twee jaar se ervaring het in die veld van die beste belang van die kind in kriminele howe;
- Moet kennis dra van die hofprosedures;
- Bereid was om vrywillig deel te neem aan die navorsing deur ingeligte toestemming;
- Bereid was om die semi- gestruktureerde onderhoude by te woon;
- Toestemming gegee het om digitaal opgeneem te word tydens die onderhoudvoering;
- Bereid was om openlik te kommunikeer en hul eie menings en perspektiewe rakende die onderwerp met die navorser te deel.

6.7.2. Uitsluitingskriteria

Tydens hierdie navorsing is deelnemers uitgesluit in al drie die kategorië wat:

- Nie oor enige ervaring beskik het oor die beste belang van die seksuele misbruikte kin in die kriminele hof.

6.8. Bekendstelling van die individuele en studieresultate aan deelnemers

Na die afhandeling van die BIOC projek en die meetinstrument gevalideer is sal elke deelnemer via e-pos van 'n verslag met al die resultate asook die navorser en studieleier se kontakbesonderhede voorsien word. Individuele onderhoude sal gereël word in die geval waar enige van die deelnemers enige vrae het. Sodra die BIOC projek afgehandel is sal dié ondersoek ook vervat word in 'n gesamentlike artikel oor al ses studies wat betrokke was by die validering van die meetinstrument.

6.9. Privaatheid / vertroulikheid

Volgens Boeije (2010: 46) gee privaatheid die deelnemers die reg om te besluit aan wie hulle enige inligting oor hulself bekend wil maak, asook watter inligting die navorser mag publiseer. Endacott (2007:167) is van mening dat alle data konfidensieel moet bly en dat geen deelnemer identifiseerbaar mag wees in die finale verslag of in enige daaropvolgende publikasies nie. Dit is ook belangrik dat die deelnemers se organisasies en praktyke waar hulle werk se identiteit vertroulik bly. Die deelnemers is per e-pos ingelig oor die vertroulike aard van die navorsing. Die navorser het die deelnemers vooraf ingelig dat alle persoonlike inligting as vertroulik hanteer sal word en dat niemand identifiseer sal word tydens of na die publisering van die navorsing nie. Die navorser het nie op die deelnemers se privaatheid ingedring nie en het slegs gefokus op die insameling van hulle onderskeie professionele kennis, perspektiewe en ervarings. Alle persoonlike inligting van die deelnemers (soos naam, van, organisasie/praktyk) is vertroulik gehou, asook hulle deelname aan die studies. Alle data wat versamel is vanaf die deelnemers is veilig in 'n kabinet wat gesluit kan word op die Noordwes-Universiteit se perseel bewaar. Die navorser het ook geen deelnemer met ander irrelevante of onverwante partye bespreek nie.

6.10. Stoor en bewaring van data

Creswell (2013:175) voorsien verskeie beginsels rakende die stoor en hantering van data soos volg: 1) Maak altyd gebruik van rugsteunkopieë van elektroniese dokumente; 2) Maak gebruik van bande wat van 'n hoë gehalte is vir bandopnames. Maak seker dat die bande die regte grootte vir die bandopneemmasjien is; 3) Ontwikkel 'n lys van tipes inligting wat versamel is; 4) Beskerm die anonimiteit van deelnemers deur hulle name in die data te masker; 5) Ontwikkel 'n data-insamelingsmatriks om data op 'n visuele wyse vir 'n studie te kan op te spoor en te identifiseer.

Die navorser het alle bogenoemde beginsels deeglik toegepas ten einde die vertroulikheid en veiligheid van alle data wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude versamel is, te verseker. Verder het die navorser 30 dae voor die onderhoude die deelnemers per e-pos ingelig in verband

met die wyse waarop alle data versamel en gestoor sou word. Data is deur middel van digitale en geskrewe notas tydens onderhoudvoering met die deelnemers. Na afloop van die onderhoude is die opnames op 'n geheuestokkie gestoor wat deur 'n spesiale wagwoord beskerm word. Nadat alle data getranskribeer is, het die navorser die data op die geheuestokkie uitgewis en die getranskribeerde data op die geheuestokkie oorgelaai.

Die geheuestokkie is in 'n sluitbare staalkabinet in die sekretaresse se kantoor van die fakulteitgroep Maatskaplike Werk by die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus bewaar. Nadat die data vir vyf jaar in die bogenoemde omgewing gestoor is, sal die data vernietig word deur dit op die stokkies uit te wis.

6.11. Beperkings van die studie

- Forensiese maatskaplike werk is steeds 'n jong veld van spesialisering in Suid-Afrika en daarom is inligting wat betref die prosedures van die kriminele hof by sake van seksuele misbruik van die kind beperk.
- Slegs twee provinsies is by hierdie studie betrek en twee ander provinsies sal in die groter studie betrek word.
- Deelnemers is almal vanuit professionele beroepe en hulle tyd was baie beperk. Dit het tot gevolg gehad dat deelnemers nie altyd beskikbaar was nie.

BRONNELYS

Boeije, H. 2010. Analysis in qualitative research. Los Angeles: Sage.

Cassim, F. 2003. The rights of child witnesses versus the accused's rights to confrontation: a comparative perspective. Pretoria: University of South Africa, Department of Criminal and Procedural Law.

Cilliers, M. 2011. Landdroste en staatsaanklaers se spesifieke kennisbasis van die kind as getuie in die hof: maatskaplike werk ondersoek. Potchefstroom: NWU. (Thesis).

Conradie, H. 2002. Are we failing to deliver the best interest of the child? University of South Africa: Department of Criminology. South Africa: University of South Africa.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. 2nd ed. USA: Sage.

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. 3rd ed. USA: Sage.

Cross, T.P., Finkelhor, D. & Ormrod, R. 2005. Police involvement in child protective services investigations: literature review and secondary data analysis. *Child maltreatment*, 10(3):1-21.

Davis, L. & Saffy, J. 2004. Young witnesses: experiences of court support and court preparation officials. *Acta criminologica*, 17(1):17-23.

Denscombe, M. 2010. Ground rules for social research: guidelines for good practise. 2nd ed. London: Open University Press.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Strategies of inquiry. (In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., eds. Handbook of qualitative research. Thousand Oaks: Sage. p.237).

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2011. The Sage handbook of qualitative research. USA: Sage.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delpport, C.S.L. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik.

Endacott, R. 2007. Clinical research 2: legal and ethical issues in research. *Accident and emergency nursing*, 15:166-169.

- Faller, C.F. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York: Oxford University Press.
- Flick, U. 2009. An introduction to qualitative research. 4th ed. London: Sage.
- Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 347-352).
- Hill, G. & Hill, K. Legal dictionary. *Criminal court*. Publisher: Fine Communications. New York.
- Horwath, J. & Tarr, S. 2014. Child Visibility in Cases of Chronic Neglect: Implications for Social Work Practice. *British Journal of Social Work*, 45(3):1379–1394.
- Lamb, M., Hershkowitz, I., Orbach, Y. & Esplin, P. 2009. Tell me what happened: structured investigative interviews of child victims and witnesses. Wiley: Routledge.
- Lawrence, B. & Janse van Rensburg, K. 2006. Assessment of the sexually abused child. (In Spies, G. M., ed. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Lewis, S. 1999. An adult's guide to childhood trauma and grief. London: Routledge.
- Meintjies, R. & Collings, S.J. 2009. Issues raised by Judge Bertelsmann in connection with child sexual abuse victims and witnesses: the role and submission of the South African Professional Society on the Abuse of Children. *Child abuse research*, 9(2):1-23.
- Mouton, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and research book. Pretoria: Van Schaik.
- Müller, K. 2000. The effect of the accusatorial system on the child witness. *Child abuse research in South Africa*, 1(2):13-23.
- Müller, K. 2003. The enigma of the child witness: a need for expert evidence. *Child abuse research in South Africa*, 4(2):2-9.
- Müller, K. & Holley, K. 2000. Introducing the child witness. Port Elizabeth: Printrite.
- Nagia-Luddy, F. & Waterhouse, S. 2009. Oiling the wheels of justice? The RAPCAN Child witness project. *SA Crime Quarterly*, 29.

NCVC (National Centre for Victims of Crime). 2012. Child sexual abuse statistics. <http://www.victimsofcrime.org/media/reporting-on-child-sexual-abuse/child-sexual-abuse-statistics> Date of access: 9 Feb. 2015.

Newton, C.J. 2001. Child abuse: an overview. *Therapist finder net mental health*, April <http://www.theraristfinder.net/Childabuse/Sexualabuse.html> Date of access: 15 Feb. 2015

Orth, U. 2002. Secondary victimization of crime victims by criminal proceedings. *Social Justice Research*, (15)4:313.

Ovens, M., Lambrechts, D. & Prinsloo, J. 2001. Child witnesses in the criminal court. *Acta Criminological*, 14(2):313-325.

Prinsloo, J. 2008. In the best interest of the child: the protection of child victims and witnesses in the South African criminal justice system. *Child abuse research*, 9(2):49-64.

Prinsloo, J. 2012. The rights of child victims and witnesses of crime: an international analysis. *Child abuse research*, 13(1):74-86.

Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, G. 2004. Sexual abuse of young children in Southern Africa. Cape Town: HSRC Press.

Roestenburg, W., & Oliphant, E. 2012. Community-Based Juvenile Offender Programs in South Africa: Lessons Learned. *Journal of Community Practice*.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2005. Research methods for social work. 5th ed. Australia: Thomson Brookes.

Rubin, A. & Babbie, E. 2011. Research methods for social work. 7th ed. California: Thomson Brookes.

SA sien South Africa of Suid-Afrika

Schiller, U. & Spies, G.M. 2006. Development of a training programme for state prosecutors to address revictimisation of the sexually abused child during forensic procedures. *Child abuse research*, 7(2):36-47.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397).

Scott, J.A. 2001. The role child sexual abuse can play in girl's involvement in prostitution. University of Pretoria.

Snyman, C.R. 2008. Criminal law. 5th ed. Durban: Lexis Nexis.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human services professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).*

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 390-392).*

Strydom, H. 2014. Maatskaplike werk-navorsing: teorie en toepassing. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Spies, G.M. 2009. Restorative justice: a way to support the healing process of a child exposed to incest. *Acta criminological*, 22(1):15-24.

South African Human Rights Commission. 2002. Report on sexual offences against children: Does the criminal justice system protect children? April 2002.

Suid-Afrika. 1977. Strafregwysigingswet 135 van 1991.

Suid-Afrika. 1977. Strafproseswet 51 van 1977.

Suid-Afrika. 2005. Children's Act, 38 of 2005. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 2007. Seksuele Oortredingswet 32 van 2007. Pretoria: Staatsdrukkers

Suid-Afrika. 2007. Wysigingswet op Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede) 32 of 2007. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 2011/2012. Suid-Afrikaanse PolisieDiens: Jaarverslag 2011-2012. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 1989. Suid-Afrikaanse Regskommissie. Seksuele oortredings, Projek 107.

Taylor, J.T. & Bogdan, R. 1998. Introduction to qualitative research methods: a guidebook and resources. 3rd ed. Canada: Wiley.

Townsend, L., Waterhouse, S., & Nomdo, C. (2014). Court support workers speak out: Upholding children's rights in the criminal justice system. *SA Crime Quarterly*, (48). <http://doi.org/http://dx.doi.org/10.4314/sacq.v48i1.7>

Van der Hoven, A.E. 1998. Die misdaadslagoffer en die strafregeplegingstelsel. (*In* Nesser, J.J. & Van der Hoven A.E., *reds.* Gemeenskapsreaksie op misdaad: misdaadslagoffers, die strafregeplegingstelsel en enkele knelpunte. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika p.16).

Zijlstra, E., Kalverboer, M., Post, W., Knorth, E., & Ten Brummelaar, M. (2012). The Quality of the Childrearing Environment of Refugee or Asylum-Seeking Children and the Best Interests of the Child: Reliability and Validity of the BIC-Q. *Behavioral Sciences & the Law*, 30, 841-855. <http://doi.org/10.1002/bsl>

AFDELING B: LITERATUUROORSIG

1. INLEIDING

Seksuele misbruik van kinders kom ongelukkig toenemend in ons samelewing voor. Volgens SAPS Crime Statistics (2017/2018) is 'n totaal van 23 488 gevalle van seksuele misbruik van kinders aangemeld. In die Gautengprovinsie is 'n totaal van 10 116 gevalle van seksuele misbruik met 'n toename van 5.7% in vergelyking met die voorafgaande jaar aangemeld. Verkragtingsake het met 4.7% toegeneem na 'n totaal van 8 062 aanmeldings, waarvan die Tsakana-gemeenskap in Gauteng in die 16de posisie staan uit 'n lys van 30 topstasies in die land (SAPS Crime Statistics, 2017/2018). Ongelukkig verskaf die provinsiale statistiek slegs 'n algehele oorsig van die seksuele aanrandingsake sonder om 'n onderskeid tussen vroue en kinders te tref. Prinsloo (2008:49) se navorsing het bevind dat kinders se regte tot en met 2001 nie in aanmerking binne die Suid-Afrikaanse howe geneem is nie, ongeag die wysigings wat in die Strafproseswet (51 van 1977) aangebring is. Navorsers is van mening dat aanklaers nie altyd van die dinamiek van seksuele misbruik of van die trauma wat die kind weens dit in die oë moet staar, bewus is nie. As gevolg hiervan beskerm hulle nie die kind teen enige verdere viktimisering nie (Schiller & Spies, 2006:37). Die navorser meen dat die aanklaers en prokureurs se onkunde rondom die seksuele misbruik van kinders bydra tot die skending van die kind se regte in die kriminele hof en dat daar nie in hierdie verband opgetree word nie. Dit is die hof as oppergesag se verantwoordelikheid om te verseker dat die beste belang van die kind in kriminele howe beskerm word (Prinsloo, 2012:74; Le Roux, 2014:18). Om laasgenoemde te bewerkstellig moet verkieslik slegs prokureurs, staatsaanklaers en landdroste met opleiding rondom die seksuele misbruik van kinders, toegelaat word om sensitiewe sake van hierdie aard te hanteer. Die fokus van hierdie studie is om faktore te identifiseer wat moontlik 'n invloed kan hê op die beste belang van die kind binne die kriminele hof.

2. FAKTORE WAT DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND BEÏNVLOED

Uit die literatuur blyk daar faktore te bestaan wat bydra tot die skending van die beste belang van die kind in die kriminele hof. Davis en Saffy (2004:18) en Prinsloo (2012:75) is van mening dat slagoffers se blootstelling aan kriminele howe tot verskeie negatiewe ervarings aanleiding gee. Kinders wat slagoffers van seksuele misbruik is behoort beskerm te word teen die trauma wat deur kruisondervraging en die blote belewenis van 'n kriminele hof veroorsaak word en die moontlikheid van sekondêre viktimisering. Met inagneming van al die literatuur wat die beste belang van die kind betrek, opper Prinsloo (2012:75) 'n treffende vraag: Is die beginsel van beste

belang met betrekking tot die kind as getuie in Suid-Afrikaanse kriminele howe meer as net 'n blote leuse? Verskeie faktore is in hierdie navorsing geïdentifiseer wat 'n rol speel in die skending van die beste belang van die kind in die strafhof, naamlik:

7.1. Formaliteite van die hof

Müller en Holley (2000:154) en Van der Hoven (1998:16) is van mening dat ongeag die kindervriendelike hervormings van howe, die kind steeds nie op 'n bevredigende wyse binne die strafregstelsel van Suid-Afrika hanteer word nie. Behalwe dat dit onreg teenoor die kind kan bewerkstellig, word dit ook bevraagteken of daar in die beste belang van die kind opgetree word indien die beste belang van die kind nie vooraf opgestel is nie. Verder meen Van der Hoven (1998:16) dat die proses vir die kind 'n traumatiese ervaring kan wees en dat viktimisering vererger namate die kind by die strafregtelike proses betrokke geraak het. Volgens Davis en Saffy (2004:18) ervaar jong getuies en slagoffers van seksuele misbruik die strafregstelsel as meer intimiderend as volwassenes aangesien hulle aan 'n nuwe ervaring en omgewing, naamlik die hofkamer, blootgestel word. Müller en Holley (1999:368) is van mening dat 'n getuie in die hof se ervaring as alles behalwe aangenaam beskou kan word en dat dit 'n traumatiese ervaring vir kinders kan wees, veral in die geval van seksuele misbruik waar die kind die oortreder binne 'n vreemde omgewing weer moet konfronteer.

7.2. Kruisondervraging van die kind

Volgens Schiller en Spies (2006:36) is Scheepers (2004), wat in die familiereg spesialiseer, van mening dat kinders nie behoorlik voorberei word vir die hofsaak waarin hulle as slagoffers moet getuig nie. J. Wessels, 'n oudlanddros van die streekhof in Pretoria, beweer dat kinders geviktimizeer word as gevolg van die feit dat prokureurs nie opgelei is in die areas van seksuele misbruik van kinders nie (Schiller & Spies, 2006:36). Vanweë die feit dat kinders hulle stories herhaaldelik aan verskeie persone moet vertel is daar bevind dat die kind heel waarskynlik die geloofwaardigheid van die gebeurtenisse en die realiteit van hulle ervaring sal begin bevraagteken (Davis & Saffy, 2004:19). Daar is ook 'n moontlikheid dat die kind beheer mag verloor tydens die getuienisaflegging of selfs weier om in die hof te getuig, omdat die kind voel dat hy of sy in die verleentheid gestel word rakende die seksuele misbruik en die gepaardgaande omstandighede (Davis & Saffy, 2004:20). Daar word van kinders verwag om openlik in die hof te getuig rondom die gebeurtenisse van seksuele misbruik wat hulle beleef het, wat normaalweg vir enige kind traumaties kan wees. Davis en Saffy (2004:20) het bevind dat dit selfs nog moeiliker vir 'n kind kan wees om teen 'n geliefde of 'n ouer te moet getuig. Die kruisondervraging spesifiek is selde kindervriendelik en sensitieweit vir kultuur word ook bevraagteken. Kruisondervraging vir 'n kind kan 'n baie aggressiewe, traumatiese en verwarrende belewenis wees (Davis & Saffy,

2004:21). Hierdie ervaring kan selfs vir 'n volwassene baie uitdagend wees, wat nog te sê vir minderjarige (Davis & Saffy, 2004:21). Dit kom algemeen voor dat prokureurs aan kinders verwarrende vrae stel wat vir die kind se ontwikkelingsvlak onvanpas is (Davis & Saffy, 2004:21). Prinsloo (2012:75) en Geldenhuys (2018:20) beklemtoon die konfronterende aard van die strafgeding en wys op die feit dat die kruisondervraging ontwerp is om verwarring te veroorsaak en om die ondervraagde persoon te ontstel. Dit lei tot die kind as getuie se onvermoë om voldoende te kan kommunikeer vanweë die stres wat op die kind geplaas word in die hof.

7.3. Die herontmoeting van die oortreder in die hof

Davis en Saffy (2004:18) is van mening dat daar wrywing ontstaan tydens die aangesig-tot-aangesig ontmoeting van die beweerde oortreder en die kind tydens die verhoor. 'n Opleidingsprogram van UNICEF genaamd die United Nations Office on Drugs and Crime (2015:50) bevestig ook laasgenoemde. Dit is baie algemeen vir die kind om vrees te beleef by die herontmoeting van die beweerde oortreder in die hof; dit kan telkens omskryf word as die mees traumatiese ervaring wat met hofverskynings gepaard gaan (Davis & Saffy, 2004:20).

Volgens Ovens et al. (2001:34) geniet die oortreder se regte prioriteit bo dié van die kind. In hierdie verband meld Ovens et al. (2001:34) 'n saak (*S v V 1998(2) SACR (CPD) (Barrow)*), waar 'n prokureur deur die hof in kennis gestel is dat die kind te bang was om voor die beweerde oortreder te getuig en dat die kind met meer selfvertroue sou kon getuig deur van 'n tussenganger gebruik te maak. Die streekslanddros het die versoek volgens Artikel 170A van die Strafproseswet (51 van 1977) toegestaan. Die hof het die streekslanddros se goedkeuring uitgewys omrede dit die versoek goedgekeur het, bloot omdat die kind andersins in die hof aan onnodige stres blootgestel kon word, en omdat die streekslanddros nie daarin geslaag het om 'n behoorlike ondersoek uit te voer volgens die regverdigheid om Artikel 170A te aanvaar nie. Die Appèlhof het beslis dat die beskuldigde van sy reg tot 'n regverdige verhoor ontnem sou word indien hierdie versoek vir die gebruikmaking van 'n tussenganger toegestaan word omdat die beskuldigde die reg het om sy aanklaer te konfronteer tydens 'n kruisondervraging. Die Appèlhof het besluit dat deur van 'n tussenganger gebruik te maak, die kruisondervraging minder effektief sou wees as om die kind direk te ondervra voor die beskuldigde. Die hof was ook van mening dat dit makliker is om 'n leun agter 'n persoon se rug te vertel as om 'n leun te vertel waar die slagoffer aangesig-tot-aangesig met die oortreder staan.

Uit die bogenoemde inligting is die navorser van mening dat die beste belang van die kind nie in ag geneem word nie, en dat sy of hy van die reg ontnem word om van 'n tussenganger gebruik te maak. Artikel 170A van die Strafproseswet (51 van 1977) is ingestel om enige traumatiese ervarings vir die kind te beperk.

7.4. Die strafprosestydperk

Die tyd wat dit neem om 'n saak van seksuele misbruik van 'n kind af te handel kan jare neem. Gedurende hierdie tydperk mag die kind wat seksueel misbruik is geen berading ontvang alvorens die kind nie in die hof getuig het nie (Faller, 1992:3). Volgens Fouché en Yssel (2006:245) is daar verskeie traumatiese faktore wat 'n seksueel misbruikte kind ervaar wat 'n groot impak op die kind se ontwikkeling kan hê. Dus moet die kind intussen met sy of haar lewe aangaan, sonder enige berading om die gebeurtenis te kan verwerk. Kinderslagoffers word verwag om verskeie onderhoude te verduur wat handel oor hulle beleving van die voorval van die seksuele misbruik, en om hulle samewerking te gee ongeag die uitstel en die gevolglike langdurigheid van die proses (Davis & Saffy, 2004:18). Nog 'n element wat in ag geneem moet word, is die uitwerking wat hierdie vertraging op die kind se geheue het, aangesien kinders geneig is om inligting na 'n spesifieke periode te vergeet met betrekking tot wat hulle beleef het (Davis & Saffy, 2004:18). Ovens *et al.* (2001:39) voer ook aan dat die tydperk van 'n verhoor geprioriseer moet word waar dit oor die beste belang van die kind handel aangesien die kind aan stresvolle omgewings tydens die verloop van die proses blootgestel word.

Baie veranderinge kan in die verloop van dié proses in 'n kind se lewe plaasvind. Daar is bevind dat sommige versorgers van die misbruikte kinders hierdie gebeurtenisse sal afmaak of selfs sal ontken. Verder kan die oortreder in hegtenis geneem word en die kind in pleegsorg geplaas word, wat natuurlik vir die gesin baie ontwrigtend kan wees (Davis & Saffy, 2004:19). Die kind kan ook moontlike stres vanaf die maatskaplike dienste en regstelsel ervaar wat daartoe kan lei dat die kind sy of haar onthulling terugtrek (Davis & Saffy, 2004:19). Die navorser is van mening dat al die bogenoemde faktore die kind kan weerhou om sy of haar volle potensiaal te kan bereik en dat die kind van moontlike geleenthede ontnem sal word weens die omstandighede wat met die seksuele misbruik gepaard gaan. Hierdie negatiewe ervarings kan die kind soos 'n swak getuie laat voorkom tydens die verhoor en kan bydra tot die feit dat minder inligting voorsien word tydens die kruisondervraging as wat nodig is om die beweerde oortreder skuldig te bevind (Davis & Saffy, 2004:18). Volgens Prinsloo (2012:75) kan die kind as getuie se angstoestand te wyte aan die lang, uitgerekte prosesse en vertraging in die proses vererger en hulle gevolglik wesentliche besonderhede vergeet. Geldenhuys (2018:24) meld: "Lengthy trials and endless court postponements affect victim's confidence and by the time the defence calls them, it is easy to intimidate them."

7.5. Voorbereiding vir die hof

Volgens Geldenhuys (2018:21) hou konfrontering en kruisondervraging groot implikasies vir kinders wat seksueel misbruik is in. Verder meld Geldenhuys (2018:21) dat verskeie slagoffers

van misdaad, veral slagoffers van seksuele misdaad, nie noodwendig angsbevange oor die saak opsig self is nie, maar eerder om die oortreder in die hofomgewing te moet konfronteer en vrees ook die afwagtende onbekende terrein aangesien hulle nie 'n duidelike begrip van die funksie van die strafregstelsel het nie. Te wyte aan 'n gebrek aan hofvoorbereiding is die gevolg dat slagoffers soms hulle aanklagtes terugtrek of op die getuiebank inmekaarstort (Geldenuys, 2018:21). Dit gebeur te dikwels dat hofsake nie deurslaggewend is nie weens swak voorbereiding, wat dan veroorsaak dat die beskuldigde vrygelaat word met die gevolglike waarskynlikheid dat hulle hul weer sal skuldig maak van sulke oortredinge teenoor slagoffers (Geldenuys, 2018:21). Deeglike hofvoorbereiding is dus van uiterse belang vir die kind wat seksueel misbruik is, en die versuim om hierdie spesifieke proses deur te voer kan tot sekondêre misbruik van die reeds getraumatiseerde kind lei (Geldenuys, 2018:21). Die manier waarop die seksueel misbruikte kind vir die hof voorberei word, het die potensiaal om die uitslag van die hofproses te beïnvloed in die handhawing van geregtigheid (Geldenuys, 2018:21).

7.6. Die verhouding tussen die ondersoekbeampte en die aanklaer

Tydens die hofproses van die kind wat seksueel misbruik is, het spesifieke faktore en sleutelrolle 'n deurslaggewende invloed op die verloop en uitkoms van die kriminele verhoor. Geldenuys (2017:16) noem dat die grondslag van die kriminele hof op die verhouding tussen die ondersoekbeamptes, houe en aanklaers van die Nasionale Vervolgingsgesag gebou is. Hierdie verhouding speel 'n wesenlike rol tydens die ondersoekproses deur te verseker dat kritiese inligting rakende die ondersoek vinnig tussen die verskillende rolspelers gekommunikeer word (Geldenuys, 2017:16). Die belangrikheid van hierdie verhouding tussen die twee rolspelers kan óf help om 'n sterk saak teen die oortreder te bou óf dit kan veroorsaak dat die saak van die hof se rol geskrap word. (Geldenuys, 2017:17-19). Daar is bevind dat in baie gevalle sake van die hof se rol geskrap is weens die feit dat spesifieke kritiese inligting nie beskikbaar was nie en nie onmiddellik toeganklik was nie, of omdat getuies afwesig was en ondersoekbeamptes nie beskikbaar was om aan die hof terugvoer te gee nie (Geldenuys, 2017:19). Dit kan 'n direkte impak op die beste belang van die kind in die strafhof hê.

7.7. Deskundiges in kriminele houe

Om hof toe te gaan, kan vir enige persoon 'n spanningsvolle ondervinding wees; selfs nog meer vir kinders. Daarom moet kinders gespesialiseerde dienste in die strafhof ontvang (Geldenuys, 2018:21). Die hof se formaliteite en prosesse kan 'n baie intimiderende en traumatiese omgewing kweek vir die kind wat as slagoffer tydens die verhoor waar seksuele misbruik ter sprake is, moet getuig (Davis & Saffy, 2004:18). In hierdie verband het Suid-Afrikaanse Regskommissie (1989:3) juis ten doel om die kind se traumatiese ervarings te beperk en het aanbeveel dat kinders in 'n

aparte kamer moet sit tydens die verhoor sodat hulle ook nie aan die oortreder blootgestel word tydens die verhoor nie. Artikel 170A(1) van die Strafproseswet maak voorsiening vir 'n tussenganger om aangestel te kan word. Volgens die Nasionale Vervolgingsgesag (2008:31), is 'n tussenganger 'n persoon wat met die kind in 'n aparte vertrek buite die hof sit en die kind help om vrae wat in die hof gestel word, te verstaan en te beantwoord. Reyneke en Kruger (2006:90) bevestig dat elke kriminele hof in Suid-Afrika veronderstel is om hul eie aangewese en opgeleide tussengangers aan kindergehuies beskikbaar te stel. Hierdie spesifieke tussengangers moet opgelei wees in alle opsigte en standaarde van Artikel 170A van die Strafproseswet (51 van 1977). Opleiding van tussengangers ten opsigte van kinderonwikkeling, regsterme en verskillende tale blyk 'n probleem in sommige howe te wees. Die taak van die tussenganger is om die kind rustig te maak sodat die getuie so min as moontlik trauma ervaar. Die vrae wat aan die kind gestel word, word nie direk aan die kind gestel nie maar eerder aan die tussenganger. Op sy beurt moet hy of sy in staat wees om die vraag wat in regsterme gevra is, op die ontwikkelingsvlak van die kind aan die kind te stel sodat die kind dit sal verstaan, sonder om leidend te wees. Daarbenewens is dit ook belangrik vir tussengangers om toeganklik en kultuurbevoeg te wees vir kindergehuies, en ook om in 'n toepaslike taal met die kind te kan kommunikeer (Reyneke & Kruger, 2006:90-91). Gallinetti (2009) wys daarop dat dit nodig is vir polisiebeamptes, forensiese maatskaplike werkers en aanklaers om opgelei en sensitief te wees vir onderhoudvoeringstegnieke en om so spoedig moontlik saam te werk ten einde 'n duidelike strategie te vorm om die kind wat misbruik is te bestuur om verdere trauma te verminder. Verder verduidelik Gallinetti (2009) dat daar bevind is dat spesialiste in kinderonderooring opgelei moet word rondom die ontwikkeling van die kind, sodat die kind se trauma verminder kan word. Deur toegerus en opgelei te wees om kinders te verstaan en te kommunikeer, word die kind in hierdie gevalle beskerm. Bukau (2003:510) meen dat die gebruik van tussengangers en tolke wat nie opgelei is in kinders se taalgebruik, ouderdom en ontwikkelingsvlak nie, tot kommunikasieprobleme en misverstande as gevolg van verkeerde vertolkings aanleiding kan gee.

8. SAMEVATTING

Uit die bogenoemde besprekings kom dit na vore dat die beste belang van die kind nie as eerste prioriteit in die kriminele hof geag word nie. Die kriminele proses kan vir die kind 'n erge traumatiese ervaring wees en dit kan viktimisering vererger namate die kind by die strafregtelike proses betrokke geraak het. Die kruisonderooring spesifiek is selde kindervriendelik en sensitiwiteit vir kultuur word ook bevestig. Dit is baie algemeen vir die kind om vrees te beleef by die herontmoeting van die beweerde oortreder in die hof; dit kan telkens omskryf word as die mees traumatiese ervaring wat met hofverskynings gepaard gaan. Deeglike

hofvoorbereiding is van uiterse belang vir die kind wat seksueel misbruik is, en die versuim om hierdie spesifieke proses deur te voer kan tot sekondêre misbruik van die reeds getraumatiseerde kind lei. Orth (2002:313) beweer dat dit nie altyd in die beste belang van die slagoffer staan om die oortreding deur die strafregstelselproses te hanteer nie en dat daar in meeste gevalle geen voordele aan die slagoffer toegedien word nie. Soos hierbo uiteengesit kan hierdie verskeie faktore 'n negatiewe, lewensveranderende invloed op die slagoffer se ontwikkeling hê. Dit is noodsaaklik vir die kind se welsyn om die hoofprioriteit tydens die strafregtelike proses te wees en waar nodig, om regstelsels aan te pas om die beste belang van die kind te beskerm (Prinsloo, 2012:74).

BRONNELYS

Boeije, H. 2010. Analysis in qualitative research. Los Angeles: Sage.

Botma, Y., Greef, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. Research in health science. Cape Town: Pearson.

Bukau, S.C. 2003. Kinders as slagoffers van seksuele misdade. Pretoria: University of South Africa. (Thesis).

Cassim, F. 2003. The rights of child witnesses versus the accused' rights to confrontation: a comparative perspective. Pretoria: University of South Africa, Department of Criminal and Procedural Law.

Cilliers, M. 2011 Landdroste en staatsaanklaers se spesifieke kennisbasis van die kind as getuie in die hof: maatskaplike werk ondersoek. Noordwes-Universiteit: Fakulteit Gesondheidswetenskappe. (Thesis – Phd).

Conradie, H. 2002. Are we failing to deliver the best interest of the child? University of South Africa: Department of Criminology. South Africa: University of South Africa.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. 2nd ed. USA: Sage.

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. 3rd ed. USA: Sage.

Cross, T.P., Finkelhor, D. & Ormrod, R. 2005. Police involvement in child protective services investigations: literature review and secondary data analysis. *Child maltreatment*, 10(3):1-21.

Davis, L. & Saffy, J. 2004. Young witnesses: experiences of court support and court preparation officials. *Acta criminologica*, 17(1):17-23.

Denscombe, M. 2010. Ground rules for social research: guidelines for good practice. 2nd ed. London: Open University Press.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Strategies of inquiry. (In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., eds. Handbook of qualitative research. Thousand Oaks: Sage p.370).

Denzin, N. K., & Lincoln, Y.S. 2011. The sage handbook of qualitative research. Sage: The United States of America.

- Endacott, R. 2007. Clinical research 2: legal and ethical issues in research. *Accident and emergency nursing*, 15:166-169.
- Faller, C.F. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York: Oxford University Press.
- Flick, U. 2009. An introduction to qualitative research. 4th ed. London: Sage.
- Fouché, A. & Yssel, J.M. 2006. Play therapy with the sexually abused child. (In Spies, G.M., ed. *Sexual abuse: dynamics, assessment & healing*. Pretoria: Van Schaik.)
- Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. *Research at grass roots: for the social science and human services professions*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik p.347-352).
- Geldenhuys, K. 2017. The importance of a strong partnership between the investigation officer and the prosecutor. *Servamus community-based safety and security magazine*, 110(3):16-19.
- Geldenhuys, K. 2018. Court preparation: giving victims a voice in court. *Servamus community-based safety and security magazine*, 111:20-24.
- Le Roux, A.M. 2014. Die beskerming van kinderslagoffers van seksuele misdrywe, met besondere verwysing na die reg op menswaardigheid en inligting. Noordwes-Universiteit: Fakulteit Gesondheidswetenskappe. (Thesis).
- Meintjies, R. & Collings, S.J. 2009. Issues raised by Judge Bertelsmann in connection with child sexual abuse victims and witnesses: the role and submission of the South African Professional Society on the Abuse of Children. *Child abuse research*, 9(2):1-23.
- Mouton, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies: a South African guide and research book. Pretoria: Van Schaik.
- Müller, K. 2000. The effect of the accusatorial system on the child witness. *Child abuse research in South Africa*, 1(2):154.
- Müller, K. 2003. The enigma of the child witness: a need for expert evidence. *Child abuse research in South Africa*, 4(2):2-9.
- Müller, K. & Holley, K. 2000. Introducing the child witness. Port Elizabeth: Printrite.

NCVC (National Centre for Victims of Crime). 2012. Child sexual abuse statistics. <http://www.victimsofcrime.org/media/reporting-on-child-sexual-abuse/child-sexual-abuse-statistics> Date of access: 9 Feb. 2015.

Orth, U. 2002. Secondary victimization of crime victims by criminal proceedings. *Social Justice Research*, 15(4).

Ovens, M., Lambrechts, D. & Prinsloo, J. 2001. Child witnesses in the criminal court. *Acta Criminological*, 14(2):313-325.

Prinsloo, J. 2008. In the best interest of the child: the protection of child victims and witnesses in the South African criminal justice system. *Child abuse research*, 9(2):49-64.

Prinsloo, J. 2012. The rights of child victims and witnesses of crime: an international analysis. *Child abuse research*, 13(1):74-86.

Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, G. 2004. Sexual abuse of young children in Southern Africa. Cape Town: HSRC Press.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2005. Research methods for social work. 5th ed. Australia: Thomson Brookes.

Rubin, A. & Babbie, E. 2011. Research methods for social work. 7th ed. California: Thomson Brookes.

SA sien South Africa of Suid-Afrika

Schiller, U. & Spies, G.M. 2006. Development of a training programme for state prosecutors to address revictimisation of the sexually abused child during forensic procedures. *Child abuse research*, 7(2):36-47.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik.p. 397*).

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human services professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik.p. 113-130*).

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social science and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik p. 390-392).

Strydom, H. 2014. Maatskaplike werk-navorsing: teorie en toepassing. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

South African Police Service. 2017/2018. Crime situation in RSA Twelve months 01 April 2017. 31 March 2018.

<https://www.saps.gov.za/services/longversionpresentationapriltoomarch20172018.p> Date of access: 29 March 2019.

South African Human Rights Commission. 2002. Report on sexual offences against children: Does the criminal justice system protect children? April 2002.

Spies, G.M. 2009. Restorative justice: a way to support the healing process of a child exposed to incest. *Acta criminological*, 22(1):15-24.

Suid-Afrika. 1977. Strafwysigingswet 135 van 1991.

Suid-Afrika. 1977. Strafproseswet 51 van 1977.

SAPS (South African Police Service. 2011/2012. SAPS Jaarverslag. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 1989. Suid Afrikaanse Regskommissie. Seksuele oortredings, Projek 107.

Taylor, J.T. & Bogdan, R. 1998. Introduction to qualitative research methods: a guidebook and resources. 3rd ed. Canada: John Wiley.

Van der Hoven, A.E. 1998. Die misdaadslagoffer en die strafregspiegingsstelsel. (In Nesser, J.J. & Van der Hoven A.E., reds. Gemeenskapsreaksie op misdaad: misdaadslagoffers, die strafregspiegingsstelsel en enkele knelpunte. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika).

AFDELING C: NAVORSINGSARTIKEL

(Tydskrif vir Geesteswetenskappe)

FAKTORE WAT 'N INVLOED KAN HÊ OP DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND IN DIE KRIMINELE HOF

Factors that may have an influence on the best interest of the child in the criminal court

CORNELIA WESSELS

Forensiese Maatskaplike Werk
Noordwes-Universiteit Potchefstroom
E-pos: Cornelia.Wessels@nwu.ac.za



MARISTA BARNARD

Forensiese Maatskaplike Werk
Noordwes-Universiteit Potchefstroom
E-pos: marista@live.co.za

Cornelia Wessels Marista Barnard

CORNELIA WESSELS is 'n medeprofessor in Maatskaplike Werk aan die Noordwes Universiteit. Haar loopbaan het eers 'n draai gemaak in die praktyk waar sy in 1981 begin werk het as maatskaplike werker by die SAVF in Potchefstroom en later as Hospitaal Maatskaplike Werker by die destydse Kalie de Haas Hospitaal in Potchefstroom. Sy begin haar Akademiese loopbaan aan die PU vir CHO in 1986. In die tydperk is sy betrokke by verskeie navorsingsprojekte waarin sy verskeie MSW en PHD studente aflewer. Verskeie publikasies het ook hieruit voortgespruit asook konferensie voordragte. Op haar inisiatief begin sy in 1999 'n MSW program in Forensiese Praktyk aan die Noordwes Universiteit en tree op as Program Koördineerder. Daar is reeds meer as 80 studente in hierdie program afgelewer. Sy fokus haar navorsing tans op die assessering van seksuele misbruik van kinders en die hof en ouerlike verantwoordelikhede en regte in egskeidingsake.

CORNELIA WESSELS is an associate professor in Social Work at the North-West University. Her career first turned into practice where she started working in 1981 as a social worker at the SAVF in Potchefstroom and later as a Hospital Social Worker at the Kalie de Haas Hospital in Potchefstroom. She started her Academic career at the PU for CHE in 1986. During the period she was involved in various research projects in which she delivered several MSW and PHD students. Various publications also emerged from this as well as conference presentations. On her initiative, she started an MSW program in Forensic Practice at the North-West University in 1999 and acts as Program Coordinator. More than 80 students have already been delivered to this program. She is currently focusing her research on the assessment of child sexual abuse and the court and parental responsibilities and rights in divorce cases.

MARISTA BARNARD is n tydeike nagraadse student by die Noord Wes Universiteit van Potchefstroom vir Forensiese Maatskaplike werk. Sy het by SAVF Potchefstroom gewerk vanaf 2016 tot 2017 en is tans in haar roepin as n intern pastoor vir studente by CRC Potchefstroom vanaf 2017.

MARISTA BARNARD is a part-time postgraduate student at the North West University of Potchefstroom for MSW in Forensic Practice. She worked at SAVF Potchefstroom from 2016 to 2017 and is currently in her call as an internal pastor for students at CRC Potchefstroom from 2017.

ABSTRACT

Factors that may have an influence on the best interest of the child in the criminal court

Unfortunately, sexual abuse of the child is rapidly increasing in society. What is even more tragic to find is that the best interest of the child has been neglected in the South African criminal courts, regardless of the amendments that have been made in the Criminal Procedure Act (51 of 1977). This research study took place in two provinces in South Africa, and forms part of an umbrella project. The overall purpose of the larger investigation is to develop a validated measuring instrument that can measure the principle of the best interest of the child in the South African legal system in an objective and relevant manner. However, to put together the constructs of such a measuring instrument, a systematic review of the existing national and international literature on the principle of the best interest of the child should be done first, and then contemporary factors should be identified at the macro level. These measures will contribute to maintaining the best interest of children in courts. The value of such a measuring instrument is that it will enable the South African legal system and the Department of Social Development to review their practices and policies on a regular basis and to make the necessary adjustments. The measuring instrument should reflect the appropriate and complete list of contributing factors, be specific enough to identify the legal system's inconsistencies, and distinguish between human interactive, structural and process factors that can influence the best interests of the child. Furthermore, it should also be sensitive enough to accurately highlight the gaps in situations where the best interests of the child are not fully protected. In this investigation, the researcher will look at these factors through a literature study and an empirical investigation as well as other factors that may possibly contribute to or influence the principle of the best interest of the child in the South African legal system. The empirical investigation was conducted through a qualitative approach. This research design focuses on applied research and is exploratory and descriptive in nature. To study the best interest principle from a qualitative approach, the background, knowledge and skills regarding the best interests of the child were studied by the researcher through various role players including magistrates, forensic social workers and lawyers. Therefore, a nonprobability paradigm was used along with purposeful sampling. For the purposes of this study, data was collected

through in-depth interviews and literature. The interviews were recorded, transcribed and processed in themes. The researcher made use of the data analysis spiral.

Theme 1 describes the role of the intermediaries during the criminal court process. The investigation reveals that there is a lack of professionally trained intermediaries during the investigation and the legal process of the sexually abused child in the criminal courts of South Africa.

Theme 2 focuses on the competency and credibility analyses of the child. Participants pointed out that the child's competency and credibility for the criminal process were not fully considered and taken into an account.

Theme 3 focuses on the cross examination of the sexually abused child. The manner in which a cross examination is done in court sometimes brings more harm than good to the sexually abused child.

Theme 4 emphasises the cautionary approach in the South African criminal courts.

Theme 5 points out the secondary trauma the child has to endure during the legal process.

In conclusion, the best interest of the sexually abused child is being neglected and the criminal court in South Africa has failed to protect the children whose lives have already been corrupted by the traumatic experiences of being sexually abused. The legal system and criminal court process must urgently be reevaluated and adjusted to protect the principle of the best interest of the child.

KEYWORDS: Best interest; child; criminal court; factors; influence; sexual abuse

OPSOMMING

Seksuele misbruik van kinders kom ongelukkig toenemend in die samelewing voor. Self meer tragies is om te vind dat die beste belang van die kind in die Suid-Afrikaanse kriminele howe verwaarloos word, ongeag die veranderinge wat in die Strafproseswet (51 van 1977) aangebring is. Hierdie navorsingstudie vorm deel van 'n groter opname wat in

twee provinsies in Suid-Afrika plaasvind. Die oorhoofse doel van die groter ondersoek is om op 'n objektiewe en toepaslike wyse 'n geldige meetinstrument te ontwikkel om die beginsel van die beste belang van die kind in die Suid-Afrikaanse regstelsel te kan meet. Ten einde die konstruksie van so 'n meetinstrument saam te kan stel is dit egter nodig om eers 'n sistematiese oorsig van die bestaande nasionale en internasionale literatuur te doen rondom die beginsel van die beste belang van die kind en op 'n makrovlak hedendaagse faktore vas te stel wat 'n bydrae lewer tot die handhawing van die beste belang van kinders in howe. Die waarde van so 'n meetinstrument behels dat dit die Suid-Afrikaanse regstelsel sowel as die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in staat sal stel om op 'n gereelde basis hulle praktyke en beleide te hersien en om die nodige aanpassings te maak. Hierdie meetinstrument moet die toepaslike en volledige lys van bydraende faktore weerspieël, dit moet spesifiek genoeg wees om die teenstrydighede van die regstelsel te identifiseer, en dit moet onderskei tussen menslike interaktiewe, strukturele en prosesfaktore wat die beste belang van die kind kan beïnvloed. Verder moet dit sensitief genoeg wees om die leemtes akkuraat te kan identifiseer in situasies waar die beste belang van die kind nie ten volle beskerm word nie. Hierdie ondersoek sal uit 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek bestaan om hierdie asook ander faktore wat die beginsel van die beste belang in die Suid-Afrikaanse regstelsel kan beïnvloed of 'n bydrae te kan lewer, te identifiseer. Die ondersoek is vanuit 'n kwalitatiewe aanslag uitgevoer; dit fokus op toegepaste navorsing en is verkennend en beskrywend van aard. Ten einde die beginsel van die beste belang op 'n kwalitatiewe benadering te bestudeer is die verskeie rolspelers (staatsaanklaers, forensiese maatskaplike werkers en prokureurs) se agtergrond, kennis en vaardighede rakende die beste belang van die kind bestudeer. Daarom is 'n is daar van 'n niawaarskynlikheidsparadigma te same met 'n doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Vir die doeleindes van hierdie studie is data deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en literatuur versamel. Die onderhoude is opgeneem, getranskribeer en volgens temas verwerk. Verder het die navorsing ook van 'n dataontledingspiraal gebruik gemaak.

Tema 1 beskryf die rol van die tussenganger tydens die strafhofproses. Die ondersoek toon aan dat daar 'n gebrek aan professionele opgeleide tussengangers is tydens die ondersoek en die regsproses van die kind wat seksueel misbruik is in die strafhowe van Suid-Afrika.

Tema 2 fokus op die vaardigheids- en geloofwaardigheidsanalise van die kind. Deelnemers het daarop gewys dat die kind se bevoegdheid en geloofwaardigheid in die strafproses nie ten volle oorweeg en in 'n rekening gebring is nie.

Tema 3 fokus op die kruisondervraging van die kind wat seksueel misbruik is. Die wyse waarop 'n kruisondervraging in die hof gedoen word, bring soms meer skade as goed vir die kind wat seksueel misbruik is.

Tema 4 beklemtoon die omsigtigheidsbenadering in die Suid-Afrikaanse strafhove.

Tema 5 wys op die sekondêre trauma waaronder die kind moet lei tydens die regsproses.

Ter afsluiting word die beste belang van die kind wat seksueel misbruik is, verwaarloos, en die kriminele hof in Suid-Afrika het versuim om die kinders wie se lewens reeds deur trauma van seksuele misbruik aangetas is, te beskerm. Die regstelsel en strafproses moet dringend herevalueer en aangepas word om die beginsel van die beste belang van die kind te beskerm.

SLEUTELWOORDE: Faktore; invloed; beste belang; kind; kriminele hof; seksuele misbruik

1. INLEIDING

Hierdie navorsingstudie vorm deel van 'n groter sambreel projek wat in ses kleiner projekte opgedeel is. Die doel van die groter projek is om 'n geldige meetinstrument te ontwikkel wat die beginsel van die beste belang van die kind in kriminele hof binne die Suid-Afrikaanse regstelsel op 'n objektiewe en relevante wyse te kan meet. Die projek sal "Die BIOC-MS studie" genoem word. Hierdie studie is gedeelte twee van die groter projek. Die doel van hierdie studie is om die faktore te identifiseer wat 'n rol speel in die BIOC- beginsel in die kriminele hof en om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met verskeie funksionaries wat binne die regstelsel werksaam is daardie proses- en bedryfs- of gedragsfaktore wat kontekstueel bydra tot die BIOC-toepassing in die regstelsel, te identifiseer.

Volgens die SAPD se kriminele statistiek 2017/2018 is 'n totaal van 23 488 gevalle van seksuele misbruik van kinders aangemeld. In die Gautengprovinsie is 'n totaal van 10 116 gevalle van seksuele aanranding met 'n toename van 5.7% in vergelyking met die

voorafgaande jaar aangemeld. Verkragtingsake het met 4.7% toegeneem na 'n totaal van 8 062 aanmeldings, waarvan die Tsakana-gemeenskap in Gauteng in die 16de posisie staan uit 'n lys van 30 topstasies in die land (SAPS Crime Statistics, 2017/2018). Ongelukkig verskaf die provinsiale statistiek slegs 'n algehele oorsig van die seksuele aanrandingsake sonder om 'n onderskeid tussen vroue en kinders te tref. Uit laasgenoemde is dit duidelik dat seksuele misbruik van kinders as 'n nasionale probleem beskou word. Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) se misdaadstatistiekverslag vir 2011-2012 dui seksuele misbruik van kinders steeds as die oorheersende misdaad teen kinders aan. Aanklaers is nie altyd bewus van die dinamiek van seksuele misbruik nie, en neem daarom nie die trauma wat die kind moet beleef altyd in ag nie (Schiller & Spies, 2006:37). Verder is Cross *et al.* (2005:7-14) en Conradie (2002:3) van mening dat baie professionele beroepslui wat sake van misbruik ondersoek, nie altyd in hierdie area opgelei is nie en beskik ook nie oor die nodige vaardighede om dit te kan doen nie. Kennis in verband met kinderontwikkeling, misbruik van kinders, die kind se geheue en funksionering, of onderhoudvoering met kinders is noodsaaklik vir persone wat in hierdie velde werk. As gevolg van hulle gebrekkige kennis en vaardighede beskerm hulle nie die kind teen enige verdere viktimisering nie (Schiller & Spies, 2006:37). Daar is bevind dat die aanklaers en prokureurs se onkunde rondom die seksuele misbruik van kinders bydra tot die skending van die kind se regte in die kriminele hof en dat daar nie in die beste belang van die kind opgetree word nie (Schiller & Spies, 2006:37). Dit is die hof se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beste belang van die kind beskerm word. Volgens die navorser behoort slegs prokureurs, staatsaanklaers en landdroste wat opgelei is in die dinamiek van seksuele misbruik van kinders, toegelaat word om so 'n sensitiewe saak te hanteer. Cilliers (2011:17) bevestig laasgenoemde in haar ondersoek waar sy bevind het dat 'n onvoldoende kennisbasis van beide die staatsaanklaer en die landdros ten opsigte van die dinamika van seksuele misbruik en die effek wat dit op die kind het, ook 'n invloed het op die verloop van so 'n kriminele saak. Richter *et al.* (2004:294) bevestig hierdie siening: "Given the scale of sexual offences against children in South Africa, skills in prosecuting such cases need urgently to be extended to every court in the country."

2. PROBLEEMSTELLING

Artikel 7(h) van die Children's Act (38 of 2005) sit duidelik uiteen dat die kind geen skade aangedoen mag word in enige fisiese, emosionele of morele opsigte nie. Uit die literatuur (Davis & Saffy, 2004; Faller, 2007; Meintjies & Collings, 2009; Prinsloo, 2008; Prinsloo, 2012) blyk dit dat die beste belang van die kind wat seksueel misbruik is, moontlik nie as prioriteit geag word of ten volle deurgevoer word in die strafregstelsel binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Verskeie faktore kan moontlik hiervoor verantwoordelik wees, soos die formaliteite van die hof, die kruisondervraging van die kind, die herontmoeting van die oortreder in die hof, die tydsduur van die strafregtelike proses, die gebrek aan deeglike hofvoorbereiding, die rol van die landdros en aanklaer, en die gebrek aan opgeleide hofpersoneel. Die probleem is egter dat die lys van moontlike faktore vanuit die literatuur nie uitgeput is nie, bloot omdat dit nie op empiriese wyse toegelig en kontekstueel aangevul is nie. Dus misluk die Suid-Afrikaanse regstelsel daarin om die beste belang van die kind effektief te beskerm en te verseker dat die kinders van Suid-Afrika op die beskerming van die regstelsel kan staat maak. Die vraag bly egter: "Watter faktore dra daartoe by dat die beste belang van die kind in die kriminele howe nie konsekwent toegepas word nie?" Hierdie leemte behoort deur navorsing aangespreek te word ten einde toepaslike indikatore van die toepassing van die beste belang te bekom.

3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die volgende navorsingsvraag is uit die probleemstelling geformuleer: Watter faktore dra daartoe by dat die beste belang van die kind in die kriminele howe nie konsekwent toegepas word nie?

Die empiriese ondersoek is deur middel van 'n kwalitatiewe benadering uitgevoer (Denzin & Lincoln, 2011:3). Hierdie navorsingsontwerp fokus op toegepaste navorsing en is verkennend en beskrywend van aard. Ten einde die beginsel van die beste belang met 'n kwalitatiewe benadering te kan bestudeer is die verskeie rolspelers soos staatsaanklaers, forensiese maatskaplike werkers en prokureurs se kennis, vaardighede en ervarings rakende die beste belang van die kind in die kriminele hof bestudeer. Gedurende hierdie kwalitatiewe navorsing is daar van 'n doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die verskillende deelnemers uit die Noordwes-provinsie en die Gauteng Provinsie gekies. In hierdie studie is daar van

semi-gestruktureerde onderhoude en 'n literatuurstudie gebruik gemaak. Telefoniese oproepe en e-posse het plaasvind om die deelnemers van 'n kortlikse oorsig van die navorsing te voorsien. Daarna is tye vir die semi-gestruktureerde onderhoude met die onderskeie deelnemers geskeduleer. Die onderhoude is op band opgeneem, getranskribeer in temas verwerk en met literatuur gekontroleer. Die navorser het gebruik gemaak van die dataontledingspiraal (Creswell, 2013:182). In hierdie navorsing is die deelnemers met eerstehandse ervaring oor die beste belang van die seksuele misbruikte kind in die kriminele hof, ongeag ras of geslag, doelgerig gekies.

4. BEVINDINGE

Ses temas wat moontlike faktore mag wees wat 'n invloed kan hê op die beste belang van die kind in die hof is tydens die ondersoek geïdentifiseer.

4.1. Tema 1: Tussengangers

Artikel 170A(1) van die Strafproseswet maak voorsiening vir 'n tussenganger om aangestel te kan word. Volgens die Nasionale Vervolgingsgesag (2008:31), is 'n tussenganger 'n persoon wat met die kind in 'n aparte vertrek buite die hof sit en die kind help om vrae wat in die hof gestel word, te verstaan en te beantwoord. Die hof se formaliteite en prosesse kan 'n baie intimiderende en traumatiese omgewing kweek vir die kind wat as slagoffer tydens die verhoor waar seksuele misbruik ter sprake is moet getuig (Davis & Saffy, 2004:18). Die Suid Afrikaanse Regskommissie (1989:3) het juis met dié doel om die kind se traumatiese ervaringe te beperk, aanbeveel dat kinders in 'n aparte kamer moet sit tydens die verhoor sodat hulle ook nie blootgestel word aan die oortreder tydens die verhoor.

4.1.1. Subtema 1: Beskerming van kind

Deelnemers wat professionele beroepslui is, naamlik staatsaanklaers, prokureurs en forensiese maatskaplike werkers wat op uiteenlopende wyses betrokke is by die kind in die hof, was dit eens dat dit nie in die beste belang van die kind is om in die hof waar die oortreder ook teenwoordig is, te getuig. Almal was dit eens dat dit vir die kind baie intimiderend mag wees om aan die oortreder wat in die beskuldigde bank staan, blootgestel te word. Tydens hoofondervraging moet die kind nie alleenlik die besonderhede van die gebeure aan die hof beskryf nie, maar moet ook die kronologiese

volgorde met betrekking tot tyd, plek, datum, waar en hoe weergee (Le Roux, 2014:40). Om dit te kan doen moet die kind in die eerste plek verstaan wat deur die vraag aan hom of haar gestel word (Bekink, 2018:13). Die oomblik wat die beskuldigde 'n familielid is maak dit die ervaring vir die kind nog moeiliker en mag dit selfs by die kind as slagoffer trauma tot gevolg hê (Davis & Saffy, 2004:20).

Die volgende aanhalings werp lig op wat die deelnemers hieroor dink:

“Niks dra by in sy emosionele belang daar nie, ek dink nie die kind hoort in daai hofsaal nie.”

“Die kind hoort in 'n aparte vertrekke met 'n behoorlike tussenganger. Want as jy die kind daar sit traumatiseer jy hom van voor af.”

Artikel 170A(1) van die Strafwysigingswet (135 van 1991) maak voorsiening vir tussengangers vir kinders wat in die hof moet getuig as gevolg van hulle jong ouderdom en kwesbaarheid. Die aanklaer is dié persoon wat verantwoordelik is vir die beskerming van die kind en om te verseker dat die beginsel van die beste belang van die kind in die kriminele hof gehandhaaf word, en is ook die verantwoordelike persoon om 'n tussenganger aan te stel indien daar aan die volgende kriteria voldoen is.

Eerstens moet die getuie onder die ouderdom van 18 jaar oud wees. Tweedens moet daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die getuie onbevoeg is om enige onnodige sielkundige druk te hanteer terwyl hulle in die hof moet getuig in die teenwoordigheid van die oortreder (Reyneke & Kruger, 2006:91). Wanneer 'n tussenganger aangestel word, is dit vanselfsprekend dat 'n aparte kamer met 'n CCTV voorsien word sodat alle direkte kontak en ondervragings van die kindergetuies deur die tussenganger plaasvind (Reyneke & Kruger, 2006:91). Reyneke en Kruger (2006:90) bevestig verder dat elke kriminele hof in Suid-Afrika veronderstel is om hulle eie aangewese en opgeleide tussengangers beskikbaar te stel aan kindergetuies. Hierdie spesifieke tussengangers moet opgelei wees in alle opsigte en standaard volgens die Artikel 170A van die Strafproseswet (51 van 1977). Volgens die Kinderregsentrum (Child Law Centre, 2015:4) blyk dit egter dat nie alle hofe in Suid-Afrika reeds toegerus is om hierdie diens met hetsy 'n aparte kamer in die hof of met nodige toerusting en opgeleide persone wat as tussengangers kan optree, aan kinders te kan bied nie.

Die volgende aanhalings werp lig op wat die deelnemers hieroor dink:

“For evidence to be led through an intermediary the court needs to be satisfied that certain specific criteria have been met.”

“Die kind getuig nie in 'n oop hof nie. Die kind getuig in kamera waar hy of sy dan nou sit saam met die tussenganger en goeters. En ek weet die aanklaer berei die kind voor die tyd voor in terme van die hof verrigtinge. Jy weet, hoe dit gaan werk, hoe dit gaan plaasvind. En dan tydens daardie verrigtinge is die tussenganger ook daarso. Maar, dit is alles hof ordonnanse. Jy weet hofpersoneel.”

“Maar, met tussengangers nè, kyk, ek dink daar is twee artikels betrokke by die goed. In artikel, in terme van artikel drie en sewentig, dink ek, kan, moet, is daar 'n tussenganger wat vir die kind getuig. Maar nou, hierdie saak waarmee ek nou besig is, die seuntjie is veertien jaar oud. Nou sit hy daar in die kamertjie, sonder 'n social worker of enige iemand wat hom daar bystaan.”

“Baie oulike bekwame en betroubare dame. Haar geaardheid is van so - jy kan sien sy laat die kinders gemaklik voel. Maar, dan is daar ook ander wat nie weet wat hulle doen nie. Die probleem is weereens - dis hofpersoneel.”

4.1.2. Subtema 2: Opleiding van tussenganger

Howe ervaar verskillende uitdagings ten opsigte van om in die beste belang van die kind op te tree. Opleiding van tussengangers ten opsigte van kinderontwikkeling, regsterme en verskillende tale blyk 'n probleem in sommige howe te wees (Schoeman, 2006:3). Die rol van die tussenganger is om die kind rustig te maak sodat die getuie so min as moontlik trauma ervaar. Die vrae wat aan die kind gestel word, word nie direk aan die kind gestel nie maar aan die tussenganger. Op sy beurt moet die tussenganger in staat wees om die vraag wat in regsterme gevra is, volgens die kind se ontwikkelingsvlak aan die kind te stel sodat die kind dit sal verstaan sonder om leidend te wees (Schoeman, 2006:364).

Die volgende aanhalings werp lig oor wat die deelnemers hieroor dink:

“Tussenganger moet opgelei wees nie net matriek nie”

“Tussenganger moet die vraag wat in regsterme gevra word kan omsit dat kind verstaan”

Literatuur bevestig dat die opgeleide tussenganger die vrae wat aan die kind gerig word, herformuleer vir die doeleindes van die kind om die vraag beter te kan verstaan asook om viktimisering te verminder. Daarby is dit ook belangrik vir tussengangers om toeganklik en kultuurbevoeg te wees vir kindergegetuies, asook om in 'n toepaslike taal met die kind te kan kommunikeer (Reyneke & Kruger, 2006:90-91).

Gedurende die hofproses in die kriminele hof word daar nie altyd van opgeleide tussengangers gebruik gemaak nie (Bukau, 2003:510). Dit het 'n direkte invloed op die verloop van die kruisondervraging van die kindergegetuie. Die deelnemers het aangedui dat daar van onopgeleide tussengangers gebruik gemaak word in die hof.

“Hulle gebruik onderwysers wat nou al dertig jaar skool gee”

“Ons tussengangers hierso - het hulle nou spesifieke ekstra kwalifikasies of iets in die lyn nie.”

“Maar, daar is geen tussengangers, daar is nie 'n tussenganger kamer daar gewees nie.”

Bukau (2003:510) is van mening dat as gevolg van die gebruik van tussengangers en tolke wat nie opgelei is in die taalgebruik, ouderdom en ontwikkelingsvlak van kinders nie, kan lei tot kommunikasieprobleme en misverstande as gevolg van verkeerde vertolkings. Die vraag wat dan onmiddellik na vore kom, is of dit dan werklik in die beste belang van die kind is.

4.2. Tema 2: Hofvoorbereiding

Deeglike hofvoorbereiding is van uiterse belang vir die kind wat as getuie moet optree (Geldenhuis, 2018:21). Volgens Geldenhuis, (2018:21) het die wyse waarop die seksueel misbruikte kind vir die hof voorberei word, die potensiaal om die uitspraak van die hofproses te beïnvloed en dit kan bydrae tot geregtigheid.

Wanneer die kind bevoeg beskou word om te getuig moet die kind voorberei word vir die hofverrigtinge. Die voorbereiding moet op so wyse gedoen word dat die kind presies weet

wie is wie, wanneer om wat te verwag en wat van die kind verwag word (Schoeman, 2006:63). Die deelnemers het dit soos volg gestel:

“Ek dink haal die kind uit die hof uit. Number one. En dan dink ek behoorlik voorberei om te sê, maar dis wat gaan gebeur. Dis hoe dit lyk, dis hoe die tussenganger tannie gaan lyk, dis wat hulle vir jou gaan vra, dis hoe jy dit gaan antwoord. Nie noodwendig leiding gee in die getuienis nie, maar om te sê "maar jy kan dit verwag." En jy hoef nie - dis eintlik maar goeie voorbereiding. Maar ek dink om 'n kind in die hofsaak in te stuur met al die tannies en hulle togas en die oortreder.”

Müller en Van der Merwe (2004:139) bevestig die bogenoemde en meld dat daar van die aanklaer verwag word om te verseker dat kinders deeglik voorbereid is vir die hof deur hulle bekend te stel aan die hofprosedures sowel as hulle rol daarin. Daar word ook van die aanklaer verwag om inligting rakende die tydsberekening en vordering van hofverrigtinge aan die kinders en hulle voogde deur te gee (Müller & Van der Merwe, 2004:139).

Die kind se voorbereiding vir die hof kan nie ligtelik opgeneem word nie; die aanklaer moet verskeie geleenthede gebruik om met die kind te konsulteer en tyd aan die kind bestee om te verseker dat hulle alles verstaan (Schoeman, 2006:63). Die deelnemers ondersteun die bogenoemde soos volg:

“En ek dink dan, en dit gaan eintlik maar saam met die voorbereiding vir 'n hofsaak, jy weet, en ek, jy weet mos hoe werk dit; die kinders kom die oggend daar aan, die aanklaer praat gou met hulle, of sy het gister met hulle gekonsulteer. Ek dink daar moet 'n behoorlike proses wees voor hulle die dag daar in 'n hof gaan staan en getuig, of deur 'n mediator getuig, want dis nog steeds vreemd vir daai kind.”

Müller en Van der Merwe (2004:137-138), asook Makhuba (2005:76), bevestig dat aanklaers erken het dat vanweë die hoeveelheid ure wat hulle weekliks en daagliks aan die hof bestee asook hulle hoë gevalleladings, hulle minder tyd het om hulle verantwoordelikhede effektief uit te voer soos om met die kind te konsulteer om 'n meer

doeltreffende verslag voor te berei met die nodige navorsing. Dus is 'n aanklaer se tyd baie beperk en sodoende misluk hulle soms daarin om behoorlike voorbereiding te doen.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die hof 'n bestuursbeampte nodig om te verseker dat alle partye hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die beste belang van die kind effektief nakom en uitvoer (Müller & Van der Merwe, 2004:148).

Die deelnemers het soos volg op hierdie stelling reageer:

“Ek dink as daar 'n behoorlike - kom ons praat maar van 'n case manager is, as dit nou die maatskaplike werker is of die ondersoek beampte of wie ook al, wat die proses bestuur en die inligting reg kry sal die kind reg voorberei word. Maar, ek dink die leemte is dat ons in Suid-Afrika nie behoorlike case managers het nie. So daar's klaar 'n gap tussen die maatskaplike werker en die polisie en die ondersoek beampte. Wie neem verantwoordelikheid vir wat? Wie berei die kind voor op watter stadium van die geveg. Wie sorg dat die kind nie in 'n getuie bank hoef te gaan staan nie. Ek dink nie daar's 'n behoorlike protokol, bestuur van daai sake nie.”

Müller en Van der Merwe (2004:148) ondersteun die deelnemers se stelling en staaf dat effektiewe bestuur en beplanning deur aanklaers noodsaaklik is in gevalle van seksuele misbruik. Dit het op 'n punt gekom waar diegene wat verantwoordelik was aan die bestuur moes erken dat die howe wat gevalle van seksuele misbruik hanteer, *sui generis* is en moet dus anders bestuur word as gewone howe. Daar is dus voorgestel dat die aanklaers wat gevalle van seksuele misbruik gevalle hanteer, meer effektief bestuur moet word en miskien deur 'n gespesialiseerde eenheid bestuur moet word sodat aanklaers die geleentheid gegee kan word om gespesialiseerde dienste aan te bied (Müller & Van der Merwe, 2004:148).

4.3. Tema 3: Hofprosesse

In hierdie studie het dit na vore gekom dat hofpersoneel onseker is oor wat hulle rolle in die bevordering van die beste belang van die kind is. Daar is 'n gebrek aan 'n duidelike uiteensetting van die verskillende partye se verantwoordelikhede wanneer dit by die hofprosesse kom en kommunikasiegapings tussen die polisie, die forensiese maatskaplike werkers en die hofpersoneel.

Die volgende literatuur ondersteun die bogenoemde stelling: Paulsen en Wilson (2013:56) het bevind dat daar 'n groot kommunikasie gaping ontstaan vanaf die aanmelding van die misbruik by die polisie tot die verloop van hofverrigtinge, en dat die ouers nie in kennis gestel word met die nodige inligting rakende die hofproses nie. Studies het ook bevind dat ondersoekbeamptes se onbeskikbaarheid en gebrek aan opvolg van gevalle 'n impak het op die hofproses (Paulsen & Wilson, 2013:60). Die studie het ook verwys na die swak opvolg en gebrek aan kommunikasie deur maatskaplike werkers aan die ouers tydens die proses.

Hofprosesse word nie effektief bestuur nie, en het dus 'n negatiewe impak op die verloop van die hofproses. Volgens Paulsen en Wilson (2013:60), is hofprosesse langdradig en word as onophoudelik beskou. Daar is bevind dat hoe langer die hofsak uitgestel word, hoe minder kinders die besonderhede van die gebeurtenis van die betrokke misbruik onthou, wat dus veroorsaak dat die beweerde oortreder 'n sterker kans staan om twyfel te saai oor sy of haar daad. Prinsloo (2012:75) meld: "due to subsequently long delays and postponements protracts the child witness's anxiety and may cause them to forget significant details. Verder meen Geldenhuys (2018:24) dat: "Lengthy trials and endless court postponements affect victim's confidence and by the time the defence calls them, it is easy to intimidate them." Volgens literatuur kan 'n hofsak strek vanaf 'n paar weke tot 'n paar jaar, en as gevolg hiervan is kinders geneig om hulle bewerings terug te trek of hofsake word uitgestel wat lei na verdere vertraging, wat angstigheid en sekondêre trauma by die kinders teweegbring (Paulsen & Wilson, 2013:60; Geldenhuys, 2018:21; Schoeman, 2006:141).

In gevalle waar die kind die slagoffer is, moet die saak so vinnig moontlik afgehandel word. Daar word van die aanklaer verwag om gevalle waar kinders betrokke is as prioriteit te ag tydens verhoorskedulering en om te verseker dat alle onnodige vertraging van hofverrigtinge vermy word (Müller & Van der Merwe, 2004:139). Alhoewel hierdie die verantwoordelikheid van die aanklaer is, word dit nie so in praktyk uitgeoefen nie.

By sake van seksuele misbruik word die oortreder dikwels vir 'n lang periode aangehou sonder borg en word dan na twee jaar vrygelaat. Dit is nie regverdig teenoor die oortreder of die kind nie.

“Ja, so as jy nou moet praat oor die beste belang van die kind, sal ons nou 'n voorbeeld noem, 'n goeie voorbeeld. Daar is 'n strafaangeleentheid, nou word die kind weggevat by die biologiese ouers, onthou hulle is nog nie skuldig nie, hulle moet nog skuldig bevind word, so the jury is not out yet, maar nou bly daai kinders vir twee jaar by pleegouers sonder kontak met die ouers.”

Die band tussen die kind en ouer moet altyd in ag geneem word. Daar is baie gevalle waar die kind uit sy of haar omgewing verwyder word as gevolg van die seksuele misbruik. Dit sal beter wees as die oortreder verwyder word en nie die kind nie.

4.4. Tema 4: Landdros en aanklaer

Al die deelnemers het verwys na die rol van die landdros en aanklaer gedurende die hofproses van seksuele misbruik, asook hoe hulle die beste belang van die kind beïnvloed.

4.4.1. Subtema 1: Opleiding

Die opleiding van die landdros en aanklaer speel 'n groot rol in die verloop van die hofsak asook op die uitkoms daarvan. Die deelnemers is van mening dat hofpersoneel opgelei moet word in kinderontwikkeling, en as hulle die ontwikkelingsfase van die kind verstaan sal hulle die kind beter kan beskerm.

“Hulle is nie opgelei sielkundig of terapeuties van aard om regtig dit te kan sê nie. Dis maar 'n judgment call wat gemaak word. En dan is nou - die oomblik as daai kind klaar getuig het - is hy half klaar. Hy kom nie weer hof toe of getuig nie. Watse behandeling is daar dan? Dis nou maklik. Die kind het nou kom getuig nou's jy verskoon -wat gebeur dan?”

Literatuur ondersteun die bogenoemde stelling van die deelnemers. Gallinetti (2009) wys daarop dat dit nodig is vir polisiebeamptes, forensiese maatskaplike werkers en aanklaers om opgelei en sensitief te wees vir onderhoudvoeringstegnieke en so spoedig

moontlik saam te werk ten einde 'n duidelike strategie te vorm vir die hantering van die kind wat misbruik is om enige verdere trauma te verminder. Gallinetti (2009) verduidelik dat daar bevind is dat kindondervragingspesialiste wat opgelei is rondom kinderontwikkeling meer gefokus is daarop om trauma by die kind te identifiseer en te verminder. Deur opleiding en ondervinding te gebruik om te verstaan en met kinders te kommunikeer, word die kind in hierdie ernstige opsigte beskerm (Gallinetti, 2009).

Müller en Van der Merwe (2004:139) stem saam dat aanklaers wat by kinders betrokke is, spesiale opleiding moet hê met 'n klem op die volgende elemente: toepaslike instrumente van menseregte, trauma by kinders, maatreëls in plek om kinders in die hof by te staan, kruiskulturele en geslags sensitiewe kwessies, tegnieke vir onderhoudvoering wat trauma verminder en die gehalte van bewyse maksimeer, en om gepaste kommunikasievaardighede te lei. Jonker en Swanzen (2007:20) gaan so ver om te sê dat slegs personeel met spesiale mediese opleiding, polisiebeamptes, aanklaers, landdroste en beraders kinders in gevalle van ernstige seksuele misdrywe moet hanteer.

Volgens die deelnemers is nagraadse studies in die die Children's Act (38 of 2005) noodsaaklik:

“En hier is die probleem - wanneer jy jou gewone vier jaar regte swot by die universiteit. Jy doen jou LLB graad het jy ses tot sewe regsvalke per semester. So dis omtrent dertien na veertien vakke 'n jaar oor vier jaar. Dis ses en vyftig vakke. Nou dit wissel. Dit begin letterlik by inleiding tot die reg en dit gaan deur alles. Dit gaan deur jou strafreg, jou strafproses, jou bewysreg, jou siviëlreg, alle reg wat jy aan kan dink word gedek. Maar, kinderreg is nie een van die modules wat gedek word nie [onderbreek]

In jou tweedejaar doen jy familiereg vir 'n semester. Maar dit fokus meer op egskeidings en daai tipe goeters. Jou Kinderwet en jou kinderregte is nie 'n voorgeskrewe module by die universiteit nie. So ouens wat uit die universiteit uit kom met 'n LLB graad het geen blootstelling aan kinderregte, of kinderwet, of kindershof nie. Dan kom hy in die praktyk - hy ken dit nie, hy weet dit nie, hy het dit nie geleer nie. Hy het nie kinderwet geleer op universiteit nie, hy het nie die beste belang van 'n kind geleer op universiteit nie. My kennismaking van die kinderwet

en hoe belangrik daai promovering en beskerming is van die kind se regte het gekom in my nagraadse studies. Toe ek my M gedoen het in kinderreg.”

Die ervaring van die landdros en aanklaer speel 'n noemenswaardige rol in die kriminele hof en die besluitneming gedurende die proses. Die landdros en aanklaer moet ervare wees, veral wanneer dit by seksuele misbruik van kinders kom. Die volgende aanhalings werp lig op wat die deelnemers hieroor dink:

“As dit gaan oor die howe se toepassing moet ons baie belangrik net onthou die landdros het geen uitoefening oor daardie besluit nie. Dis die probleem. Die landdros is nie bewus van hierdie goed nie.”

“Die aanklaers - daar is spesifieke aanklaers wat werk met seksuele misdrywe waar kinders by betrokke is. Daar's eintlik een spesifieke aanklaer by hierdie hof wat werk met seksuele misdrywe met kinders. As daar so saak is, word hy vir haar gegee - dis wat sy doen. En sy kyk eerste daarna. Vir haar gaan dit nie so seer oor 'n vervolging as oor die kind nie.”

“Maar nou is dit vir my bekommerd dat jy dit vra, want nou sê hulle vir my, hier by die landdroskantoor, die aanklaers wat die meeste kere aankla in die kindergevalle, dat hulle hierdie opleiding gekry het.”

“Hulle het nie ervare landdroste wat... Jy weet, ek het nou voorberei op, toe ek hierdie saak wat ek nou besig is, toe gaan kyk ek weer, spesifiek met die eed en goeters, jy weet, die landdroste is nie ervare om, en hulle assessee nie kinders om te sê daai kind is reg...”

“Hy kan getuig, hy's, hy's 'n bevoegde getuie nie. Hulle doen dit nie. Hulle doen dit glad nie. So ja, die landdroste is nie ervare nie en die aanklaers nog minder. Jy weet mos hoe werk dit, 'n seksuele misdryf, en dit het nogal uitgekome in daai een saak wat ek gelees het. Wat het hy gedoen? Hy het my verkrag. Nou ons weet wat die elemente is wat bewys moet word, ons moet penetrasie bewys. Daai stupid aanklaer kan nie hom kry om vir hom, dat die kind vir haar sê hy het sy tottie in my

koekie gedruk nie. Jy weet, in kindertaal nou. Ja, maar wat beteken dit, wat beteken dit. Hulle is nie ervare nie.”

“Ja, die ervaring is nie daar nie, hulle weet hoe om daai kind te ondervra nie. Dis ongelukkig so. En daar loop baie ouens daarbuite wat skuldig is wat loskom. Dis ook so. Maar dis nie my probleem nie.”

Die literatuur ondersteun die bogenoemde stellings van die deelnemers en bevestig dat meer as die helfte van die aanklaers wat by die kriminele hof aangestel is, min of geen ervaring rondom die seksuele misbruik van kinders het nie, en dat die meerderheid van aanklaers eenvoudig net na die kriminele hof toegewys is sonder dat hulle enige voorafgaande opleiding of kennis oor seksuele misdrywe opgedoen het (Müller & Van der Merwe, 2004:147). Verder lig die literatuur uit dat aanklaers glo dat hulle nie baie van hulle opleiding kan implementeer indien die landdros nie opgelei is nie (Müller & Van der Merwe, 2004:149). Dus het die beperkte ervaring van die landdros 'n invloed op die aanklaer, wat dan in 'n bouse kringloop in die kriminele hof vorm waar niemand die beste belang van die kind kan bevorder nie.

4.4.2. Subtema 2: Beskerming van kind

Die aanklaer word verwag om in die beste belang van die kind op te tree, en moet die kind ten alle tye beskerm en bystaan tot die afloop van die hofsak. Dit is die aanklaer se verantwoordelikheid om die beste belang van die kind in die lig te stel en ten alle tye die kind in daardie opsig te beskerm. Die deelnemers stem met die bogenoemde saam:

“Die wetgewer se bedoeling in terme van die beste belang van die kind is deurslaggewend.”

“Die beste belang gaan verskil. Jy moet gaan kyk wat is die kind se betrokkenheid in terme van die misdryf en dan - die groot ding is die impak op die kind. En daardeur gaan jy die beste belang van die kind kan vasstel en kan beskryf of kan promoveer. Maar, dit gaan jy moet vasstel aangaande die meriete van die saak.”

“Die hof, en as ek bedoel van die landdros self, is nie daarby betrokke nie. Die landdros moet so vêr as moontlik 'n neutrale party bly. So die verantwoordelike

persoon daarvoor op die einde van die dag, is jou aanklaer, jou aanklaer moet gaan kyk na die slagoffer. Want jou aanklaer is die persoon wat die slagoffer op die einde van die dag in die hof moet hê en daardie persoon moet kry om sekere getuies af te lê of nie.”

Die literatuur bevestig die deelnemers se stellings en lê klem op die feit dat die aanklaers op die besondere kwesbaarheid van kinders ag moet slaan en ten alle koste verseker dat kinders op 'n sensitiewe wyse hanteer en effektief beskerm word gedurende die vervolgingsproses (Müller & Van der Merwe, 2004:138). Die kind moet nooit aan die oortreder tydens die hofspraak blootgestel word nie, nie eens in die hof se wagarea of gange nie. Volgens Müller en Van der Merwe (2004:139) is dit die aanklaer se verantwoordelikheid om die beskerming van die kind te fasiliteer reg deur die strafregtelike proses deur alles in werking te stel om te verseker dat daar geen kontak tussen die kind en die oortreder is nie.

By die geval van seksuele misbruik van kinders is dit ook vir die kind se ouers 'n traumatiese ervaring, en as gevolg hiervan is die ouers so daarop geset om die oortreder skuldig te bewys dat hulle soms van die beste belang van hulle eie kind vergeet. Daarom is dit die aanklaer se plig om vas te stel wat die beste belang van die kind is en nie die beste belang van die ouer nie. Die deelnemers het soos volg op hierdie onderwerp reageer:

“Luister ek moet doen wat die beste is vir jou kind. Nie vir jou as ouer nie. Ek verstaan dis vir jou ook 'n moeilike pad en jy het self emosionele skade wat jy hierdeur dra en jy moet self, jy weet, genesing kry. Maar op die ou einde van die dag gaan dit oor die kind - wat die beste is vir die kind - en ek moet dit beskerm.”

“Nou die ma van die betrokke kind was toe buite haarself. Sy het 'n tantrum gegooi soos niks. Want sy het in die kop gehad hierdie man moet vervolgd word en klaar.”

“Wat briljant is. Ander howe - hulle sisteem - hoe dit werk. Ek kan nie regtig myself uitlaat op hulle goed nie. Ek weet nie watse goeters is daar geïmplementeer by ander howe nie maar in terme van die hof hierso en ons aanklaer hierso. Ek dink sy is redelik op die bol as dit kom by beste belang van die kinders. En sy kyk regtig daarna. Partykeer sit sy haar kop op chop en blok deur dit te doen want ouers

aanvaar dit nie. Soos in die voorbeeld wat ek nouet gegee het. 'n Ouer wil nie aanvaar dat hierdie persoon nie vervolgt gaan word nie. Maar jy weet, 'n ouer kyk vas in sy eie motiewe en kwaad gevoelens op die ou end van die dag en vergeet van wat die impak daarvan op die kind sal wees."

Gedurende die hofproses moet die aanklaer in die beste belang van die kind omsien deur die kind se psigososiale welstand in ag te neem, en om tot 'n besluit te kom of die kind psigies en emosioneel bevoeg is om te kan getuig of nie. Die volgende aanhaling werp lig op die stelling soos volg:

"Aanklaer moet nou met hierdie dogtertjie sit en met haar gesels en kyk. Is hierdie kind reg om te getuig in 'n hof? Wat is in hierdie kind se beste belang op die ou einde van die dag? En die aanklaer het toe 'n oordeelsroep gemaak om te sê "hierdie kind is nie reg om te getuig nie". Die emosionele skade en goed wat dit gaan veroorsaak. Want hierdie kind is op 'n stadium waar sy toeslaan. Sy gesels met die aanklaer vrylik tot dit op die punt kom waar die aanklaer daardie wonde wil oopmaak. Dan slaan sy heeltemal toe. Die aanklaer het toe gesê "sy kan nie hierdie kind in 'n hof laat getuig nie" - dit is nie in hierdie kind se beste belang nie. Sy is emosioneel nie reg nie en nie sterk nie. Die skade wat dit gaan veroorsaak gaan baie groter wees."

Uit die bogenoemde aanhaling is dit duidelik dat die aanklaer die beste belang van die kind bo enige ander party se belang moet kies. Müller en Van der Merwe (2004:139) staaf dat dit uiters belangrik is dat die aanklaers 'n vroegtydige assessering moet maak van die kind se bevoegdheid en ontwikkelingsvlak om in die hof te kan getuig.

Om die beste belang van die kind gedurende die strafregtelike proses te beskerm moet die kind op 'n holistiese wyse (emosioneel, kognitief, sosiaal en morel) geëvalueer word om te bepaal of dit wel in die beste belang van die kind is om in die hof te getuig. Die volgende aanhaling getuig wat die deelnemer hiervan dink:

“Wel, ek sou sê eerstens kyk ek holisties daarna. So as ek kyk, beste belang van die kind, dan sê ek wel, dis nie net, dit moet rêrig in die kind se beste belang wees; emosioneel, kognitief, sosiaal, uhm, moreel as jy wil. Al daardie aspekte moet gedek wees, dink ek, as jy wil praat oor die beste belang van die kind. Andersins is dit 'n wollerige konsep wat uhm, eintlik oop is vir interpretasie en manipulasie. So jy moet eintlik kyk na 'n kind in 'n holistiese opset. Baie pshyco-social as jy wil, om te kan sê uhm, wat's rêrig in die beste belang van die kind.”

Lubaale en Stevens (2016:2) ondersteun die bogenoemde stelling en staaf dat alhoewel die kind se getuie noodsaaklik vir die doeltreffende vervolging van gevalle van seksuele misbruik, veral waar die kind dalk die enigste getuie is, word daar van die hof verwag om die fisiese, sielkundige en emosionele gevolge van die seksuele misbruik in ag te neem en die viktimisering van kindergetuies ernstig op te weeg. Dus word daar van die strafregstelsel verwag om spesiale beskerming te voorsien wat vir die kind se ouderdom, vlak van volwassenheid en individuele spesiale behoeftes, gepas is.

Tydens die strafregtelike proses moet beroepslui wat met kinders werk minder klinies teenoor die kind optree en opgelei wees om met die kind op hulle vlak te kan kommunikeer. Die deelnemer se opinie in hierdie verband is soos volg:

“So jy moet die kind beskerm. En nou onthou, nou moet ek hom kruisverhoor, en dis, dis baie moeilik, nè. Jy moet eintlik in kindertaal hom kruisverhoor. So jy moet, jy moet die kind beskerm, hy moet, hy kan nie anders as om te getuig nie, as hy in staat is om te getuig.”

Schoeman (2006:163) brei verder op die bogenoemde uit deur te verduidelik dat wanneer daar met 'n kind gekommunikeer word, dit van uiterse belang is om die kind se taalgebruik en kognitiewe vermoë in ag te neem sodat die kind aan die proses deel kan neem. Verder staaf Schoeman (2006:167) dat die volwassene se kommunikasievaardighede af sal hang van hulle vermoë om met die kind te kan kommunikeer op 'n onbevooroordeelde wyse, asook op die kind se vlak van begrip. Daarom moet die kind se ouderdom, woordeskat en taalvaardighede geëvalueer en verstaan word.

4.5. Tema 5: Meer sensitiewe kruisondervraging van die kind

Daar word van kinders verwag om openlik in die hof te getuig oor wat gebeur het tydens die insident, 'n proses wat normaalweg vir enige kind skrikwekkend sal wees. Die kruisondervraging is veral selde kindervriendelik en kulturele sensitiwiteit word ook bevraagteken. Kruisondervraging kan vir 'n kind 'n baie aggressiewe, traumatiese en verwarrende ervaring wees (Davis & Saffy, 2004:21). Prokureurs stel dikwels aan kinders verwarrende vrae wat nie noodwendig in lyn met die kind se ontwikkelingsvlak is nie (Davis & Saffy, 2004:21). Indien die aanklaer en prokureur beter opgelei is om met kinders te werk, sal hulle kruisondervraging meer sensitief wees. Die volgende deelnemer reageer soos volg:

“Beslis nie. Daar is van die ouens daar buite. Jy weet, jy moet jou kliënt verdedig ten alle koste. As hy 'n aanklag van verkragting van 'n minderjarige kind in die oë staar, staar hy na 'n minimum vonnisse vyftien jaar tot lewenslank - staar hy in die oë. En as jy nie alles gaan uithaal nie, dan is dit wat hy gaan kry. Maar, soos ek sê as jy met daardie approach hof toe gaan van ek gaan hierdie kind nou heeltemal uitmekaar uit trek in terme van getuies. Jy gaan nie slaag nie, want die hof laat dit nie toe nie. daar is so kanaal wat jy moet deurgaen. Soos ek sê, die vraag gaan deur drie persone voor dit op die einde van die dag by die kind uitkom. Die kind sien nie die mense waar dit vandaan kom nie. So die kind kan nie geïntimideer word deur enige persoon nie. Jy as prokureur probeer baie keer 'n intimiderende presence skep in die hof wanneer jy kruisondervraging doen. Met die kind val daai hele sisteem weg.”

Gedurende 'n kruisondervraging met volwassenes word daar op die persoon druk geplaas om antwoorde te kry, maar wanneer dit by kinders kom kan daardie benadering nie op kinders toegepas word die. Die deelnemers stem saam soos volg:

“Nee, glad nie. So wat nou gebeur. Die kind getuig mos nou in kamera. So wat gebeur is - jy praat nie met die kind direk nie. Jy staan op, jy vra jou vraag vir die landdros. Die landdros herhaal die vraag aan die tussenganger, die tussenganger stel die vraag aan die kind en die kind gee sy antwoord vir die tussenganger. Die

tussenganger sal sy antwoord gee vir die hof. So, waar jy in 'n gewone kriminele saak het jy die persoon so - so jou kruisondervraging loop so. Wat gebeur is - jy bou mos nou momentum op met daai persoon en jy begin druk en druk en druk tot jy antwoorde kry op wat jy soek. Maar met 'n kind is dit heeltemal anders. Jy kan nie daai selfde manier van ondervraging toepas nie want die hof sal dit nie toelaat nie. En, daai vraag word so onderbreek teen die tyd wat dit by die kind uitkom. So jy kan nie daai opbouende goeters hê waar jy naderhand begin jy die persoon te druk. Jy begin hulle onder druk plaas soos wat Prof. al gesien het ons doen met die kruisondervraging op die verslae. Naderhand hou jy die persoon en jy probeer al hoe vinniger, al hoe harder op hulle neerkom. Maar, met kinder - waar 'n kind getuig kan jy dit glad nie doen nie. Jy weet, nou het ek dieselfde met 'n kollega van my. Ek en sy het al gepraat want sy doen ook kinderwerk saam met my. Sy het die ander dag 'n geleentheid, 'n saak gehad waar sy 'n dogtertjie moes ondervra, kruisondervra, in terme van 'n verkragtingsaak. Sy het besluit sy gaan nie. Sy kan dit nie doen nie. Sy gaan nie die kind ry in terme van kruisondervraging nie. Sy het opgestaan en net vir die landdros gesê sy het geen vra vir die getuie nie en sy het weer gaan sit.”

